



**Wes-Kaapse  
Regering**

Onderwys

**Jaarlikse Prestasieplan  
2015/2016 - 2017/2018**

## **Aantekeninge:**

### **1. Gebruik en vertolking van hierdie dokument**

Die WKOD Jaarlikse Prestasieplan (JPP) moet saam met die Vyf-jaar Strategiese Plan (2015 – 2019) gelees word.

Die JPP-dokument word volgens 'n voorgeskrewe templaar uiteengesit. Dit is na 'n templaar vir die onderwyssektor gewysig.

Befondsing vir onderwys word in sewe programme verdeel. Elke program word deur nasionale subprogramme gedefinieer, wat aan die begin van elke program gelys word.

Die WKOD wyk in Program 2 en 4 van die sektorbegrotingstruktuur af aangesien skoolsport by die Departement van Kultuursake en Sport berus.

Nasionaal-gedefinieerde begrotingstabelle (BT'e) word volgens die tersaaklike program genommer. Elke BT het 'n stel finansiële aanwysers. Daar is nasionale aanwysers genaamd "Programprestasiemaatstawwe" (PPM) en provinsiale aanwysers naamlik "Programprestasie-aanwysers" (PPA).

Let wel dat die 2014/15 syfers in die tabelle Aangesuiwerde Beramings is.

### **2. Vertalings:**

Afrikaanse en Xhosa weergawes van hierdie dokument is vanaf 30 dae na tertafellegging op die WKOD se webwerf: <http://wced.school.za> beskikbaar.

*PR Nommer: 67/2015*

*ISBN Nommer: 978-0-621-43442-2*

*Vir bykomende afskrifte van hierdie dokument, kontak asseblief:*

*Hoof: Onderwys Privaat sak X9114 Kaapstad 8000*

*Tel: 021 467 2531*

*Faks: 021 461 3694*

*E-pos: [media1.media1@westerncape.gov.za](mailto:media1.media1@westerncape.gov.za)*

## Amptelike Aftekening

### Hierdie Jaarlikse Prestasieplan


- is deur die bestuur van die Wes-Kaap Onderwysdepartement onder leiding van die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap ontwikkel;
- is in lyn met die huidige Strategiese Plan van die Wes-Kaap Onderwysdepartement voorberei; en
- bied 'n akkurate weergawe van die prestasieteikens wat die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal poog om met die hulpbronne wat in die begroting vir 2015/16 beskikbaar gestel is, te verwesenlik.



Mnr Leon Ely  
Adjunk-direkteur-generaal: Finansies (HFB)



Me Anne Schlebusch  
Direkteur: Besigheidstrategie en Belanghebbendebeestuur



Me Penny Vinjevold  
Rekenpligtige Beampste

Goedgekeur deur:



Me D Schäfer  
Uitvoerende Gesag

## Inhoud

### Deel A: Algemene inligting

1.	Visie	1
2.	Missie	1
3.	Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte	1
4.	Waardes	2
5.	Voorwoord deur Minister	2
6.	Inleiding deur die Rekenpligtige Beampte	3

### Deel B: Strategiese oorsig

	Inleiding	4
	Oorkoepelende beplanningsparameters	4
1.	Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk	6
2.	Skoolonderwys 2030 en die 27 doelwitte	7
3.	Provinsiale konteks	9
4.	Opedateerde situasionele analise	11
	4.1 Prestasieleweringsomgewing	11
	4.2 Organisasoriese Omgewing	18
	4.3 Hersiening van wetgewende en ander mandate	22
5.	Beplande ingrypings en programme	26
6.	Oorsig van 2015/16 begroting en MTUR-beramings	28
	6.1 Uitgaweberamings en sektorbegrotingstabelle	28

### Deel C: Program- en subprogramplanne

1.	Program 1: Administrasie	30
	1.1 Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2015/16 en risiko's	31
	1.2 Strategiese doelwitte en kwartaallikse teikens	33
	1.3 Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2015/16	33
	1.4 Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2015/16	33
	1.5 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	34
	1.6 Prestasie- en uitgawetendense	35
2.	Program 2: Openbare Gewone Skole	38
	2.1 Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2015/16 en risiko's	39
	2.2 Strategiese doelwitte en kwartaallikse teikens	43
	2.3 Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2015/16	43
	2.4 Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2015/16	44
	2.5 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	44
	2.6 Prestasie- en uitgawetendense	47

## Deel C: Program en subprogramplanne (vervolg)

3.	Program 3: Subsidies vir onafhanklike skole	
3.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2015/16 en risiko's	49
3.2	Strategiese doelwit en kwartaallikse teikens	49
3.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2015/16	50
3.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2015/16	50
3.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	50
3.6	Prestasie- en uitgawetendense	51
4.	Program 4: Openbare spesiale skoolonderwys	
4.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2015/16 en risiko's	53
4.2	Strategiese doelwit en kwartaallikse teikens	54
4.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2015/16	55
4.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2015/16	55
4.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	55
4.6	Prestasie- en uitgawetendense	56
5.	Program 5: Vroeëkindontwikkeling	
5.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2015/16 en risiko's	58
5.2	Strategiese doelwit en kwartaallikse teikens	59
5.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2015/16	59
5.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2015/16	59
5.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	60
5.6	Prestasie- en uitgawetendense	61
6.	Program 6: Infrastruktuurontwikkeling	
6.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2015/16 en risiko's	62
6.2	Strategiese doelwit en kwartaallikse teikens	63
6.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2015/16	63
6.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2015/16	63
6.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	65
6.6	Prestasie- en uitgawetendense	66
7.	Program 7: Eksamen- en Onderwysverwante Dienste	
7.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2015/16 en risiko's	67
7.2	Strategiese doelwit en kwartaallikse teikens	68
7.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2015/16	68
7.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2015/16	69
7.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	70
7.6	Prestasie- en uitgawetendense	70

## **Deel D: Skakels aan Ander Planne**

8.	Koppels met die langtermyn infrastruktuur, kapitaalplanne en ander planne	71
9.	Voorwaardelike toelaes	84
10.	Openbare entiteite	88
11.	Openbare-private vennootskappe	88

## **Bylaes**

1.	Bylae A: Aksieplan tot 2019	91
2.	Bylae B: Statistiese Tabelle	92
3.	Bylae C: Tegniiese aanwysers vir jaarlikse teikens vir strategiese doelwitte	94
4.	Bylae D: Programprestasiemaatstawwe (Nasionaal) – Tegniiese aanwysers	102
5.	Bylae E: Programprestasie-aanwysers (Provinsiaal) – Tegniiese aanwysers	125
6.	Bylae F: Akronieme	133
7.	Bylae G: Organogram	134

## Deel A: Algemene inligting

### 1. Visie

Om geleentheid vir almal deur verbeterde onderwysuitkomst te skep.

Daar word hieraan uiting gegee deur drie oorkoepelende doelwitte:

1. 'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole
2. 'n Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
3. 'n Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in meer behoeftige gemeenskappe

### 2. Missie

Om gehalte-onderwys aan alle leerders in die provinsie deur die volgende te verskaf:

- Oorhoofse beplanning vir, en bestuur van, die onderwysstelsel
- Onderwys in openbare gewone skole
- Ondersteuning aan onafhanklike skole
- Onderwys in openbare spesiale skole
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) in Graad R
- Opleidingsgeleentheid vir onderwysers
- 'n Geteikende voedingsprogram en ander maatreëls vir armoedeverligting en veiligheid
- Steun aan onderwysers deur die voorsiening van basiese diensvoorwaardes, aansporings en 'n werknemerwelsynsprogram

### 3. Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 1	'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole
Doelwitverklaring	Leerders se akademiese prestasie in taal en wiskunde sal verbeter sodat: <ul style="list-style-type: none"><li>- Graad 3-leerders 'n slaagsyfer van 50% in taal en 64% in wiskunde behaal in toetse wat ekstern opgestel en geadministreer word</li><li>- Graad 6-leerders 'n slaagsyfer van 48% in taal en 40% in wiskunde behaal in toetse wat ekstern opgestel en geadministreer word</li><li>- Graad 9-leerders 'n slaagsyfer van 53% in taal en 21% in wiskunde behaal in toetse wat ekstern opgestel en geadministreer word</li></ul>
Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 2	'n Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
Doelwitverklaring	Leerders se akademiese prestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) sal verbeter sodat: <ul style="list-style-type: none"><li>- Die getal leerders wat in 2019 die NSS slaag, 41 000 sal wees.</li><li>- 'n Slaagsyfer van 86% in 2019 behaal word.</li><li>- Die getal leerders wat in 2019 op B-graad-vlak slaag, 20 100 sal wees.</li><li>- Die getal leerders wat in 2019 wiskunde slaag, 11 770 sal wees.</li><li>- Die getal leerders wat in 2019 natuurwetenskap slaag, 9 500 sal wees.</li></ul>

Strategiese uitkoms-georiënteerde doelwit 3	'n Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in meer behoeftige gemeenskappe
Doelwitverklaring	<p>Die WKOD sal belê in behoeftige skole sodat:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Die getal skole met 'n Graad 12-slaagsyfer van minder as 70% teen 2019 verminder tot 'n syfer van nul.</li> <li>- Daar 'n afname in onderprestasie in ander grade is, soos gemeet deur die Jaarlikse Nasionale Assessering vir Graad 1 – 6 en 9 en die WKOD-toetse vir Graad 3, 6 en 9 (verwys na doelwit 1 en program 7 vir die teikens)</li> <li>- Die getal laerskole met swak uitslae in sistemiese toetse en 'n algehele slaagsyfer van minder as 85% oor grade teen die einde van 2019 tot 30 verminder.</li> <li>- Die retensiekoers (Graad 10 tot 12) teen die einde van 2019 tot 68% styg.</li> </ul> <p>Die getal besoeke vir skoolondersteuning gedifferensieer sal word om by die vereiste ondersteuning te pas.</p> <p>Infrastruktuur, maatskaplike ondersteuning en die voorsiening van fondse gerig sal word ten gunste van leerders en skole wat dit die nodigste het.</p>

#### 4. Waardes

- Die allergrootste belang van die leerder
- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet en Handves van Regte
- Uitnemendheid deur die voorsiening en ondersteuning van 'n toegeruste, positiewe en florerende onderwyskorps wat professioneel en toegewyd is
- Aanspreeklikheid en deursigtigheid
- Integriteit en uitnemendheid in administratiewe en steunfunksies

#### 5. Voorwoord deur die Minister

Die Wes-Kaapse Regering het in November 2009 sy strategiese plan vir onderwys 2010 – 2019 bekendgestel.

Die oorkoepelende doelwit van hierdie plan is om leerderuitkomst in hierdie provinsie te verbeter. Die fokus vir die tydperk 2010 tot 2019 is veral gemik op die verbetering van leerders se vermoëns in lees, skryf en rekene, om die getalle wat Graad 12 skryf en slaag, te verbeter en om die getal onderpresterende skole te verminder.

Aansienlike verbeterings is sedert 2009 op hierdie gebiede aangebring. Ons bly egter bewus van die feit dat dit langtermyn doelwitte is wat slegs deur volgehoue en gefokusde ingrypings bereik kan word.

Die plan het ook op tien sleutelprioriteitsareas gefokus wat ten doel het om die lewensmoontlikhede van alle leerders in die provinsie deur middel van die voorsiening van gehalte-onderwys te verbeter. Baie van hierdie ingrypings het korttermyn doelwitte ingesluit wat reeds suksesvol was, bv. die verskaffing van handboeke aan alle leerders, 'n toename in aanspreeklikheid en die daarstelling van 'n meer doeltreffende en reagerende WKOD.



Ons sal oor die volgende vyf jaar voortgaan om hierdie ingrypings te handhaaf en om ander projekte en ingrypings te implementeer, waaronder die bou van nuwe en vervangingskole, die ontwikkelingsgerigte verbetering van ons onderwysers en die uitrol van breëband na skole.

Ek is veral opgewonde om die e-leerstrategie te loods wat hierdie boekjaar bekendgestel sal word en is vasbeslote dat ons seker maak dat ouers meer aan hul kinders se opvoedkunde en eienaarskap van hul skole deelneem. Ons wil ook graag meganismes ondersoek om mededingendheid in ons onderwysstelsel te bevorder met die doel om die verbetering in uitkomst te versnel, asook meganismes om begaafde leerders én diegene wat bykomende hulp nodig het, te ondersteun.

Hierdie jaar is die laaste jaar van die eerste vyf-jaar tydperk van die Strategiese Plan en gee ons die geleentheid om te evalueer wat werk en wat nie werk nie en ons bestaande strategieë en ingrypings te verfyn.

Ek sien daarna uit om saam te werk om die gehalte van onderwys en die lewensgehalte van die kinders en onderwysers in hierdie provinsie te verbeter.

## **6. Inleiding deur die Rekenpligtige Beampte**

Hierdie onderwysplan beskryf die programme en prioriteite van die Wes-Kaap Onderwysdepartement vir die 2015/16-boekjaar. Die plan word ingelig deur die lesse en ervarings van die afgelope vyf jaar en die beduidende inligting en befondsing wat tot ons beskikking is. Die 1 miljoen kinders in ons skole is egter die oorkoepelende riglyn vir hierdie plan. Ons glo dat dié plan en die noukeurig geselekteerde prioriteite ons kinders se opvoeding en lewenskans sal versterk.

Ons is besonder bewus van die verantwoordelikheid wat ons teenoor ons kinders, onderwysers en ouers het en sal poog om die programme wat in hierdie plan uiteengesit word, pligsgetrou en met omsigtigheid uit te voer.

Hierdie plan kan natuurlik nie deur ons alleen geïmplementeer word nie en ons is bevoorreg om staat te maak op sterk verhoudings en geskeduleerde vergaderings met onderwysersvakbonde, skoolbeheerliggame en -verenigings asook skoolhoofforums en -verenigings. Hierdie gereelde vergaderings sal as riglyn dien vir die suksesvolle implementering van ons plan.

Ons wil deur middel van hierdie plan op 'n sorgsame en deernisvolle wyse ondersteuning bied aan ons skole en almal wat oor ons skole se drumpels loop. En die kinders van die Wes-Kaap en hul leergeleenthede sal altyd die kern vorm van alles wat ons doen.

## PROVINSIALE BEPLANNINGSMODEL

Een Kaap 2040 (ekonomiese visie) se oorgangdoelwitte: Primêre wisselhefboom: Kennisoordrag (*Opvoedende Kaap*)

Elke persoon sal toegang tot 'n goeie opvoeding hê wat sal verseker dat hy of sy toepaslik geskool vir geleentheid is.

Werk met ouers en kinders om die leer- en ontwikkelingsomgewing van kinders te verbeter

Die Wes-Kaap sal 'n globale reputasie as 'n ligging van ekologiese, kreatiewe, wetenskaplike en maatskaplike innovasie-voortreflikheid geniet

### Provincial Strategic Plan 2014-2019: Provincial Strategic Goals (PSGs)



Verbeter onderwysuitkomst en geleentede vir jeugontwikkeling

## OORKOPELENDE BEPLANNINGSPARAMETERS

### Nasionale Ontwikkelingsplan

**Skole:** voorsien alle leerders van uitstekende onderwys; behandel lae vlakke van lees, skryf en gesyferdheid soos deur plaaslike en internasionale toetse gemeet; stel teikens vir verbetering in Suid-Afrikaanse toetse oor die volgende 10 jaar in Graad 3, 6, 9 en 12; verbeter ons posisie in internasionale gradering en verhoog retensie in skole na 90%.

**Alle personeel:** bevoegdheidsstandaarde vir alle opvoederposte; bevoegdheidsassesserings vir toetredende- en bevorderingsdoeleindes en bied opleidingsprogramme aan almal.

**Onderwysers:** Onderwysers moet hoogs gewaardeer word; moet goeie vakkennis hê; moet volgehoue professionele ontwikkeling ontvang en hoogs gemotiveerd wees. Die voorstel is dat die aanstelling en bevordering van onderwysers die regering se verantwoordelikheid moet wees.

**Skoolhoofde:** Bevoegdheidstoetse moet met die aanstelling van alle skoolhoofde uitgevoer word. Kundigheid moet die enigste kriterium vir die aanstelling van skoolhoofde wees.

**Distrikte:** Die regering moet die rolle en verantwoordelikhede van distrikskantore uitklaar ten einde geteikende ondersteuning te voorsien deur die redes vir onderprestasie te identifiseer. Kantore moet dan "beste praktyk"-ingrypings verskaf.

**Ouers:** Ouers is betrokke by die onderwys van hulle kinders en ontvang sinvolle inligting om hierdie rol te versterk.

**Inligting:** Inligting moet toeganklik en nuttig wees om vordering te beplan en monitor.

**Inligtingstechnologie:** Hoë-spoed breëband moet beskikbaar wees om leer te ondersteun. **Infrastruktuur:** Basiese infrastruktuur moet vir alle skole in plek wees en agterstande moet aandag geniet.

**taal:** Besluite oor taalvoorsiening in skole moet ingelig word deur 'n groter waardering vir die arbeidsmark. Die voorstel is dat hoë-gehalte onderrig in die moedertaal en Engels van 'n vroeë ouderdom voorsien word.

### Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (praktiese implementering van die NOP)

Verbeterde gehalte van onderrig en leer deur die ontwikkeling, voorsiening en doeltreffende aanwending van **onderwysers**.

Verbeterde gehalte van onderrig en leer deur die verskaffing van voldoende gehalte-**infrastruktuur en Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)**.

Nasporing van **leerderprestasie** deur verslagdoening oor en ontleding van die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) op Graad 3-, 6- en 9-vlak en volgehoue verbetering van JNA om gepaste terugvoering aan leerders en onderwysers te verseker en om met die tyd prestasie te normeer

Uitgebreide toegang tot **Vroeëkindontwikkeling** en verbetering van die gehalte van Graad R

Versterking van **aanspreeklikheid en verbetering van bestuur** by die skool, in die gemeenskap en op distriksvlak.

**Vennootskappe** vir onderwyservorming en verbeterde gehalte

DBO

- *Aksieplan tot 2019* (27 doelwitte)
- *Temas* (6)
- Fokus op die **gehalte en doeltreffendheid** van onderwys
- **Kommunikasie** met gemeenskappe
- Geprioritiseerde **onderrig en leer**
- Sterker fokus op **vennootskappe**
- Versterkte **interregerings-** en interdepartementele meganismes
- Wet op Nasionale

Onderwysbeleid — monitoring en evaluering van norme en standaarde, **evaluering van impak**

- *Nie-onderhandelbares (10):* **LOOM; Infrastruktuur; Distrikte; Onderwysers; IKT, Kha ri Gude; Biblioteekdienste; Landelik (skoolrasionalisering en vervoer); Kurrikulum (fokus op WWT, tegnologiese en swart tale; Vennote en maatskaplike mobilisering**

Aangesien dit die begin van 'n nuwe vyfjaartydperk is, sluit hierdie afdeling 'n oorsig van 'n aantal nasionale en provinsiale strategiese en implementeringsplanne in.

## **1. Die mediumtermyn- strategiese raamwerk (MTSR)**

Die kabinet het in 2012 die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) aanvaar om as 'n bloudruk te dien vir sosio-ekonomiese ontwikkeling en die groei van Suid-Afrika teen 2030. Met die aanvaarding van die langtermynvisie en -plan vir die land, is 'n pad uitgelê waarvolgens die land die driedubbele uitdaging van armoede, ongelukheid en werkloosheid sal aanspreek.

Die nasionale kabinet het die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTSR) aanvaar, wat die regering se plan vir die implementering van die Nasionale Ontwikkelingsplan is. Dit is die verwysingsraamwerk vir die regering se hoofprioriteite en sy strategiese rigting en dien as die hoofriglyn vir die beplanning en toekenning van hulpbronne oor alle regeringsfere.

Hoofstuk een van die MTSR begin soos volg: "Die NOP se visie vir 2030 is dat Suid-Afrikaners toegang tot opleiding en onderwys van die hoogste gehalte moet hê, gekenmerk deur aansienlik verbeterde leeruitkomste".

Die prioriteite vir onderwys-uitsette in die MTSR is:

1. Verbeter die gehalte van onderrig en leer deur die ontwikkeling, voorsiening en doeltreffende aanwending van onderwysers.
2. Verbeter die gehalte van onderrig en leer deur die verskaffing van voldoende gehalte-infrastruktuur en Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM).
3. Nasporing van leerderprestasie deur verslagdoening oor en ontleding van die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) op Graad 3-, 6- en 9-vlak en volgehoue verbetering van JNA om gepaste terugvoering aan leerders en onderwysers te verseker en om met die tyd prestasie te normeer.
4. Uitgebreide toegang tot Vroeëkindontwikkeling en verbetering van die gehalte van Graad R.
5. Versterking van aanspreeklikheid en verbetering by die skool, in die gemeenskap en op distriksvlak.
6. Vennootskappe vir onderwys hervorming en verbeterde gehalte.

Hierdie prioriteite sal deur die WKOD se doelwitte en aksies aandag geniet. Ons fokus hierop sal verskerp namate stelsels en aanwysers toenemend op provinsiale én nasionale vlak in plek gestel word en begrotings en modelle soos nodig aangepas word.

Elke uitset het 'n stel sub-uitsette, aktiwiteite en gekoppelde aanwysers, alhoewel baie daarvan nog nie basislyn-lesings het nie. Dié wat 'n provinsiale verantwoordelikheid is en waarvoor daar reeds stappe in plek is, sal onder die betrokke opskrifte bespreek word en teikens is vir die gekoppelde aanwysers gestel.

## 2. Skoolonderwys 2030 en die 27 doelwitte

Die Suid-Afrikaanse onderwyssektorplan word verder in die *Aksieplan 2019 vir Skoolonderwys tot 2030* uiteengesit. Die plan bestaan uit 27 doelwitte. Die eerste 13 doelwitte oor leeruitkomste en die ander 14 doelwitte handel oor hoe hierdie leeruitkomste bereik sal word. Dit is die tweede vyfjaartydperk waarvoor hierdie doelwitte gebruik word. Almal is ter wille van kontinuïteit behou.

Die 27 doelwitte is gekoppel aan **aanwysers** en aan **teikens** en die **mylpale** daarvan. Die getal doelwitte is beperk; die aanwysers word duidelik gestel en is meetbaar. Die teikens moet "haalbaar" wees en behoort onderwysuitkomste toenemend te verbeter. Dit word per provinsie verdeel en moet nie as 'n plafon beskou word nie. Nasionale teikens word grotendeels oor die langtermyn gestel en mylpale fokus oor die algemeen op gewenste prestasie oor die mediumtermyn (tot vyf jaar in die toekoms). Nasionale mylpale is vir prestasiedoelwitte 1 – 13 gestel. Mylpale vir doelwitte 14 – 27 word nie gespesifiseer nie.

Die doelwitte vir die **leeruitkomste** is:

- 1 ► Verhoog die getal leerders in Graad 3 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en gesyferdheid vir Graad 3 bemeester het.
- 2 ► Verhoog die getal leerders in Graad 6 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 6 bemeester het.
- 3 ► Verhoog die getal leerders in Graad 9 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 9 bemeester het.
- 4 ► Verhoog die getal Graad 12-leerders wat in aanmerking kom vir 'n Baccalaureus-program op universiteit.
- 5 ► Verhoog die getal Graad 12-leerders wat *wiskunde* slaag.
- 6 ► Verhoog die getal Graad 12-leerders wat *natuurwetenskap* slaag.
- 7 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van *Graad 6*-leerders in *taal*.
- 8 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van *Graad 6*-leerders in *wiskunde*.
- 9 ► Verbeter die gemiddelde prestasie in *wiskunde* van *Graad 8*-leerders.
- 10 ► Verseker dat alle kinders by 'n skool ingeskryf is tot ten minste die jaar waarin hulle 15 word.
- 11 ► Verbeter kinders se toegang tot gehalte-vroeëkindontwikkeling (VKO) onder Graad 1.
- 12 ► Verbeter die graadvordering van leerders vanaf Graad 1 tot 9.
- 13 ► Verbeter die toegang van jeugdiges tot Verdere Onderwys en Opleiding na Graad 9.

Die doelwitte vir **hoe** die leeruitkomste bereik sal word, is:

- 14 ► Lok in elke jaar 'n nuwe groep jong, gemotiveerde en toepaslik opgeleide onderwysers na die onderwysberoep.
- 15 ► Verseker dat die beskikbaarheid en benutting van onderwysers van so 'n aard is dat uitermatig groot klasse vermy word.
- 16 ► Verbeter die professionalisme, onderrigvaardighede, vakkennis en rekenaar-geletterdheid van onderwysers dwarsdeur hulle loopbaan.
- 17 ► Streef na 'n onderwyswerksmag wat gesond is en 'n sin van werksbevrediging geniet.
- 18 ► Verseker dat leerders al die onderwerpe en vaardighede dek wat hulle in hulle huidige skooljaar behoort te dek.

- 19** ► Verseker dat elke leerder toegang het tot die minimum stel handboeke en werkboeke wat ingevolge nasionale beleid benodig word.
- 20** ► Bevorder leerders se toegang tot 'n wye reeks media, insluitende rekenaars, wat hulle opvoeding verryk.
- 21** ► Verseker dat die basiese jaarlikse bestuursprosesse in alle skole in die land plaasvind op 'n manier wat tot 'n funksionele skoolomgewing bydra.
- 22** ► Verbeter ouers en die gemeenskap se deelname aan die beheer van skole, deels deur toegang tot belangrike inligting via die e-Onderwysstrategie.
- 23** ► Verseker dat alle skole befonds word op ten minste die minimum per-leerder-vlak wat nasionaal bepaal word, en dat fondse deursigtig en doeltreffend aangewend word.
- 24** ► Verseker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders inspireer om skool toe te kom om te leer, en vir onderwysers om te onderrig.
- 25** ► Gebruik skole as 'n voertuig vir die bevordering van toegang tot 'n reeks openbare dienste onder leerders, soos byvoorbeeld gesondheid, armoedeverligting, psigososiale ondersteuning, sport en kultuur.
- 26** ► Verhoog die getal skole wat die inklusiewe onderwysbeleid doeltreffend implementeer en toegang het tot sentrums wat deskundige dienste bied.
- 27** ► Verbeter die gereeldheid en gehalte van die monitering en steundienste wat deur distrikskantore aan skole voorsien word, deels deur beter benutting van e-Onderwys.

Daarbenewens het die Departement van Basiese Onderwys 'n stel temas ingestel.

1. Fokus op die gehalte en doeltreffendheid van onderwys
2. Kommunikasie met gemeenskappe
3. Geprioritiseerde onderrig en leer
4. Versterkte, dringende rol van alle spelers (entiteite, gehalteversekeringsagente, vakbonde, ouers, vennote)
5. Versterkte provinsiale en nasionale meganismes, insluitend interregerings- en interdepartementele meganismes
6. Wet op Nasionale Onderwysbeleid – monitering en evaluering van norme en standaarde; dit sluit die evaluering van impak in.

Dit word vergesel deur 'n stel van nie-onderhandelbares wat deur die Departement van Basiese Onderwys gelys word:

	Item	Elemente
1.	LOOM	Norme en standaarde; herwinning; koste
2.	Infrastruktuur	Toerusting; water en sanitasie; instandhouding; meubels en lessenaars
3.	Distrikte	Ondersteuning van skole; provinsiale distrikskoördinerings; norme en standaarde vir interaksie, bevoegdheid, kommunikasie, stelsel vir monitering van die kurrikulum en onderwyserontwikkeling
4.	Onderwysers	Plasing; ontplooiing en onderwyserontwikkeling
5.	IKT	Kinders na die 21ste eeu
6.	Kha ri Gude	Verbeterde implementering, evaluering, monitering en evaluering
7.	Biblioteekdienste	Vorm sentrum van werk. Fokus op Madiba-dag.
8.	Landelik	Multigraad, klein en mikro samesmeltings en rasionalisering. Leerdervoer

	Item	Elemente
9.	Kurrikulum	Wiskunde, wetenskap en tegnologie (WWT): deelname en verbetering in vordering. WWT-eenheid. Vernuwing: lees-eenheid, tegniese vakke, uitbreiding van swart tale
10.	Vennote en maatskaplike mobilisering	Leerderwelstand en -veiligheid


### 3. Provinsiale konteks

Die **makro-ekonomiese visie** vir onderwys in die provinsie word soos volg in die EenKaap 2040-dokument vervat:

*“Die Nasionale Beplanningskommissie het die sentrale interne uitdaging waarvoor Suid-Afrika en die Wes-Kaap te staan kom, op 'n elegante wyse saamgevat: Ons moet die aard en prestasie van die ekonomie verander om gelyktydig volgehoue BBP-groei, 'n meer veerkragtige omgewing en groter insluiting te behaal. 'n Belangrike aandrywer van sosio-ekonomiese uitsluiting lê in massiewe werkloosheid en groei in die afskaffing van poste. Dit is grootliks struktureel, gegrond op 'n kombinasie van groei in nieproduktiewe sektore en op 'n diep wanverhouding tussen die behoeftes van die ekonomie en die vaardighede-basis van werksoekers en dit wat deur die land se onderwysstelsel gelewer word. Dit vereis 'n fundamentele verskuiwing vanaf die status quo deur die gehalte van onderwys vir die meerderheid beduidend te verbeter en ongelykheid, werkloosheid en omgewings-agteruitgang te verminder, terwyl hoop en waardigheid in werk herstel word. Die alternatief, verteenwoordig deur 'n verdieping van die status quo, stel 'n groot bedreiging vir maatskaplike samehorigheid voor – 'n moreel onverdedigbare en potensieel onbestendige situasie van toenemende armoede, ongelykheid en werkloosheid, sosio-ekonomiese uitsluiting, gewelds-misdaad en 'n gebrek aan geleenthede en hoop vir diegene aan die onderkant van die sosio-ekonomiese leer”.*

*Wes-Kaapse reële BBP-groei in 2011 was 3.6% (SA = 3.1%, Globaal = 3.8%). Oor die afgelope 10 jaar was die gemiddelde reële groeikoers vir die Wes-Kaap 4.1%, wat omreken kan word na 'n reële ekonomiese uitbreiding van bykans 45%. Die arbeidsmag het oor dieselfde tydperk met slegs 16% gegroei. Meer as 546 000 mense in die Wes-Kaap is werkloos (eng definisie). Meer as twee-derdes van hulle is tussen die ouderdom van 15 en 35 jaar en meer as die helfte van hulle het nie matriek voltooi nie. Daar is 'n sterk verband tussen armoede, werkloosheid en lae vlakke van onderwys*

Die visie vir onderwys in die EenKaap 2040-dokument neem die volgende langtermyn-standpunt in:



Die provinsie het vir die vyfjaartydperk 2015 tot 2019 vyf Provinsiale Strategiese Doelwitte aanvaar. Dit is:

- Strategiese Doelwit 1: Om geleenthede vir groei en werk te skep
- Strategiese Doelwit 2: Verbeter onderwysuitkomst en geleenthede vir jeugontwikkeling
- Strategiese Doelwit 3: Verbeter welstand en veiligheid en pak die maatskaplike ewels aan
- Strategiese Doelwit 4: Daarstelling van 'n veerkragtige, volhoubare, goeie-gehalte en inklusiewe lewensomgewing
- Strategiese Doelwit 5: Vestig goeie beheer en geïntegreerde dienslewering deur middel van vennootskappe en ruimtelike aanpassing

Die WKOD sal, in aktiewe vennootskap met ander departemente, betrokke wees en bydra tot al hierdie doelwitte en veral dié doelwitte wat 'n impak het op die dienste wat vir leerders en hulle welstand benodig word.

Die WKOD sal ook in alles wat hulle doen die Provinsiale Strategiese Doelwit 5 ondersteun: "Vestig goeie beheer en geïntegreerde dienslewering deur middel van vennootskappe en ruimtelike aanpassing" en die drie uitkomst daarvan:

- Uitkoms 1: Versterkte beheer
- Uitkoms 2: Inklusiewe samelewing
- Uitkoms 3: Geïntegreerde bestuur

Die WKOD sal die leierdepartement in die geval van Provinsiale Strategiese Doelwit 2 wees

**“Verbeter onderwysuitkomst en geleenthede vir jeugontwikkeling”**

**Probleemstelling:**

Alle studies dui daarop dat **kinders in die Wes-Kaap nie op die vereiste vlakke vir verdere onderwys en indiensneming lees, skryf en reken nie**. Hierdie grondslagvaardighede bepaal die toekomstige vooruitsigte en lewenskans van alle kinders.

Daar bestaan 'n groot **ongelykheid in die gehalte van onderwys** wat aan Wes-Kaapse kinders gebied word en dit word vererger deur **wydverspreide sosio-ekonomiese probleme**. Hierdie twee probleme moet toenemend in ons skole en deur 'n helesamelewing-benadering aandag geniet.



**Strategiese uitkomst:**

1. 'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole
2. 'n Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat en gelykwaardige kwalifikasies
3. 'n Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in ons meer behoeftige gemeenskappe
4. Die voorsiening van meer sosiale en ekonomiese geleenthede vir ons jeug
5. Verbetering van gesinsondersteuning aan kinders en die jeug en fasilitering van ontwikkeling

Hierdie strategiese doelwit sal nagestreef word met die WKOD as die leierdepartement, in oorleg met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en die Departement van Kultuursake en Sport.

Twee "spelwysigers" en een "lewende laboratorium" is vir hierdie doel geïdentifiseer. Die spelwysigers (fokusarea vir aandag/aksie waarin die maksimum voordeel ervaar word om 'n verskil in mense se lewens te maak) is 1. e-Leer en 2. Jeugontwikkeling.

1. In die geval van e-Leer is die projek reeds op implementeringstadium met die volgende as fokus:

**Die wye-area-netwerk (WAN)-projek** – projek van die provinsiale regering

**Die plaaslike-area-netwerk (LAN)-projek** – projek van die WKOD.

**Die Rekenaartoeëpassingstegnologie, Inligtingstegnologie en Ingenieurswese, Grafika en Ontwerp (RIT/IT/IGO) Herlaai-projek**

Die **EduLab Herlaai-projek** voorsien beskikbare en gepaste tegnologie aan skole om leerders van regstreekse toegang tot tegnologie in 'n IKT-suite-omgewing te voorsien.

Die **Slim Klaskamer-projek** voorsien beskikbare en gepaste tegnologie aan skole. Die tegnologie bestaan gewoonlik uit 'n onderwyser-rekenaartoestel, onderwyser-projeksie-toestel, onderwyser- interaktiewe toestel en 'n visualiseerdertoestel (ook bekend as 'n dokumentkamera). Die tegnologie is hoofsaaklik draadloos en het oppak-en-gaan-mobiliteit.

Die **e-Hulpbronnekatalogus-projek** is 'n projek vir aanlyn digitale inhoud.

Die **Leerbestuurstelsel-projek** (LBS) behels 'n digitale hulpbronnepark en poog om onderwysers, leerders en ouers van digitale onderrig- en leerhulpbronne te voorsien.

Bovermelde projekte sal van die nodige opleiding en ondersteuning vergesel word, soos nodig.

2. Die omvang van die transversale Jeugontwikkelingsprojek word tans bepaal. Die WKOD sal bydra tot die MOD-sentrums (massadeelname, geleentheid en toegang, ontwikkeling en groei) (R59,594m) vir bystand aan die naskoolse verryking-, sport- en studieprogramme wat deur die Departement van Kultuursake en Sport gekoördineer word, asook die WKOD se Jeugontwikkelingsprogram (R37,645m) wat leerders wat Graad 9 vir die tweede keer herhaal in staat stel om 'n pasgemaakte kursus by 'n TBOO-kollege of OOV-sentrum by te woon.
3. Die Lewende Laboratorium is 'n loodsprojek vir Graad R-3 in 100 skole met swak akademiese uitslae om lees in Engels te versterk.

## 4. Opedateerde Situasionele Analise

### 4.1. Prestasieleweringsomgewing

Die bevolking van die Wes-Kaap het sedert die laaste sensus in 2001 gegroei, en groei steeds. Volgens die 2011 sensus wat deur Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) vrygestel is, is die Wes-Kaap tuiste vir omtrent 5 822 734 mense, wat 11% van Suid-Afrika se totale bevolking verteenwoordig. Die bevolking het tussen 2001 en 2011 met 28.7% gegroei.

Soos verwag kan word, was daar ook 'n toename in die getal leerders wat by openbare skole ingeskryf is.

Sektor	2011	2012	2013	2014	Verskil
					2011 – 2014
Graad R in openbare gewone skole	50 495	58 953	59 565	63 492	12 997
Graad 1-12 in openbare gewone skole	921 776	934 992	947 046	963 441	41 665
Spesiale behoefte-skole	18 878	19 470	19 627	18 702 <sup>1</sup>	-176

Die grootste enkele faktor wat alle beplanning en voorsiening in die onderwys beïnvloed, is die inskrywing van leerders. Die WKOD het toenemend Algemene Huishoudelike Opname-data en ander tendensontledings gebruik om met vooruitskattings en beplanning vir leerderinskrywings te help. Doeltreffende onderrig en leer hang af van 'n geskikte onderwyser:leerder-verhouding, fasiliteite en handboeke wat in plek is op gebiede waar die grootste behoefte bestaan. Die toename in inskrywings in onlangse jare het tot aansienlike druk op akkommodasie en personeelvoorsiening in groot dorpe en die Stad Kaapstad gelei. Terselfdertyd word kwynende getalle in dele van die provinsie ervaar.

Jaar	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12	Totaal
2003	86 916	82 454	75 931	66 033	82 383	92 341	84 514	81 154	73 200	81 739	51 746	39 644	898 055
2004 <sup>2</sup>	104 105	82 130	81 489	76 781	66 060	82 574	89 614	85 053	78 964	80 756	54 199	39 451	921 176
2005	93 515	94 231	80 695	80 809	74 984	66 141	81 953	88 778	82 169	81 577	56 657	39 303	920 812
2006	87 650	85 972	89 828	80 443	77 811	73 106	65 347	78 926	80 595	83 529	57 536	40 198	900 941
2007	92 818	82 562	83 914	89 973	78 674	78 021	72 733	66 406	80 697	86 495	61 938	42 624	916 855
2008	91 853	83 267	79 454	85 891	87 116	78 290	76 146	71 410	72 914	79 133	63 819	43 470	912 763
2009	93 601	82 158	80 385	83 150	82 382	85 621	76 262	75 227	79 795	68 405	60 812	45 692	913 490
2010	98 086	83 046	79 155	84 234	80 290	81 402	82 777	75 426	85 114	70 630	53 799	44 876	918 835
2011	100 423	85 216	79 489	83 490	80 205	79 022	78 207	81 312	84 957	73 470	56 995	38 990	921 776
2012	103 444	88 536	81 415	83 922	79 900	78 384	76 432	77 561	90 815	72 714	58 758	43 111	934 992
2013	104 678	93 506	85 762	85 599	79 210	78 437	76 238	75 528	87 132	78 812	56 109	46 035	947 046
2014	106 917	97 647	89 385	90 617	81 441	76 690	74 727	76 000	82 714	75 838	64 619	46 846	963 441


Databron: 2014: Jaarlikse Opname vir Skole (Openbare Gewone Skole buiten LSOB-eenheid se leerders).

Die tabel hierbo toon 'n algehele toename van 65 386 leerders oor die 12-jaar siklus (2003 – 2014). Die tabel illustreer 'n beduidende groei in die inskrywing in Graad 1 en die impak van verbeterde retensie tussen Graad 10 en 12.


Inwaartse migrasie na die provinsie bly steeds 'n belangrike bydraer tot inskrywingsyfers en veroorsaak druk op akkommodasie in ontwikkelende gebiede.

<sup>1</sup> Die klaarblyklike daling in inskrywingsgetalle is as gevolg van die herklassifisering van drie skole as openbare gewone skole.

<sup>2</sup> Inskrywingspatrone word beïnvloed deur die verandering wat in 2002 op nasionale vlak aangebring is met die beleid oor die toelatingsouderdom vir Graad 1, wat skole toegelaat het om slegs leerders toe te laat wat in die eerste skooljaar sewe word. Gevolglik was die Graad 1-inname laer as in vorige jare. Toe die ouderdomsvereiste in 2004 weer verander het, was daar weereens 'n toename in inskrywings. Dit word in hierdie tabel aangetoon.




Die getalle in Graad 1 en 9 is 'n aanduiding dat 'n aantal leerders hierdie grade herhaal. Hierdie aangeleenthede ontvang aandag en daar is spesiale ingrypings om die slaagsyfer te verbeter. Die grafiek en tabel hieronder som die onlangse vordering in hierdie verband aan.



Wes-Kaapse volwassenes het 'n gemiddelde van 9.9 jaar van skoolonderwys voltooi. Hierdie syfer word slegs deur Gauteng met 10.5 jaar oorskry. Die nasionale gemiddelde is 9.3 jaar. Diegene met matriek maak 41.4% van die bevolking van Suid-Afrika uit.

Daar is tekens van verbetering met betrekking tot leerderretensie, soos deur die volgende statistieke aangedui:



## Gehalte van leer

### Primêre skoolonderwys


Die gehalte van Laerskool-onderwys in die Wes-Kaap is oor die afgelope 13 jaar deur die program van sistemiese toetsing van Graad 3, 6 en 9 in taal en wiskunde nagespoor.

Die WKOD het vanaf 2002 tot 2009 in afwisselende jare taal- en wiskundetoetse vir Graad 3- en 6-leerders geadminestreer om vordering te monitor en probleme te diagnoseer. Die WKOD het in 2010 vir die eerste keer alle leerders in Graad 3 en 6 getoets om die stand van leer in taal en wiskunde in elke skool in die provinsie te bepaal. Dit was ook die eerste keer dat Graad 9-leerders in 'n loodsoefening getoets is om 'n basislyn te bepaal. Die WKOD het in 2011 die vlak van kognitiewe uitdaging in die taaltoetse verhoog ten einde 'n nuwe minimumstandaard vir die provinsie te stel. Daar is spesifiek langer en meer komplekse tekste by die toetse ingesluit ten einde die toetsitems vergelykbaar te maak met items wat in internasionale toetse op hierdie vlakke gebruik word.

Toetse word elke jaar in Oktober geskryf en die uitslae word in die eerste week van die skoolkwartaal aan skole voorsien. Die uitslae word deur skole gebruik om akademiese aktiwiteite vir die jaar te beplan en om hulle skoolverbeteringsplanne en teikens saam te stel. Daarbenewens word die uitslae deur distrikte gebruik om toepaslike ondersteuning vir skole te beplan.

WKOD Graad 3, 6 en 9 Sistemiese Toetsuitslae 2014 – Openbare gewone skole						
	Graad 3		Graad 6		Graad 9	
	Wiskunde	Taal	Wiskunde	Taal	Wiskunde	Taal
<b>Geskryf</b>	85 623	85 610	72 214	72 198	71 345	71 266
<b>Geslaag</b>	46 236	36 299	21 953	27 363	10 630	33 923
<b>Slaag %</b>	<b>54%</b>	<b>42.4%</b>	<b>30.4%</b>	<b>37.9%</b>	<b>14.9%</b>	<b>47.6%</b>
<b>Gemiddelde puntetelling</b>	<b>52%</b>	<b>45%</b>	<b>41.4%</b>	<b>43.2%</b>	<b>28.7%</b>	<b>50.3%</b>

'n Puntetelling van 50% is nodig om te slaag. Die toetspunte toon matige maar bestendige verbeterings in die wiskundetoetse vir Graad 6 en 9 aan. Die daling in die taal-slaagsyfers in 2013 is omgekeer met stygings van 5.4% in Graad 3 en 8.4% in Graad 6.



Die 2014 Jaarlikse Nasionale Assesserings is deur 612 276 leerders in Graad 1 – 6 en Graad 9 geskryf. 1 458 openbare gewone skole, 83 staatsgesubsidieerde onafhanklike en 17 spesiale behoefte-skole in die Wes-Kaap het aan hierdie nasionale assessering deelgeneem. Antwoorde is deur opvoeders by skole nagesien en daarna is eksimplare van drie antwoordeboeke per vak en per klas vir Graad 3, 6 en 9 van elke skool weer deur onderwysers by 'n sentrale lokaal in elke distrik as die provinsiale modereringsoefening nagesien.

Die DBO het 'n eksterne evalueringsagentskap aangestel om oor die betroubaarheid van die JNA-punte verslag te lewer. 246 skole van die WKOD is as verifikasie-JNA-skole geselekteer. 25 antwoordboeke van leerders vanaf Graad 1 tot 9 is nagegaan, insluitend Graad 7 en 8 by die skole wat deur die DBO geselekteer is. Hierdie antwoordboeke is onafhanklik nagesien en die punte is deur die eksterne evalueringsagentskap vasgelê.

Die 2014-uitslae (gemiddelde persentasie) word in onderstaande tabel aangedui:

	WKOD 2014 Taal	Nasionaal 2014 Huistaal	WKOD 2014 Wiskunde	Nasionaal 2014 Wiskunde
Graad 1	68.4	63.2	71.9	68.4
Graad 2	67.0	61.1	63.0	61.8
Graad 3	57.9	56.2	60.5	55.5
Graad 4	57.6	56.5	41.9	37.3
Graad 5	58.5	57.1	45.2	37.3
Graad 6	64.8	62.7	50.9	43.1
Graad 9	49.5	48.3	13.0	10.8

#### Nasionale Senior Sertifikaat

2014 was die sewende jaar van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen. In 'n jaar wat 'n daling in die nasionale slaagsyfer van net onder 3% ervaar het, het die WKOD eweneens 'n daling ervaar en 'n 82.2%-slaagsyfer behaal. Daar was 39 237 kandidate wat geslaag het, waarvan 18 524 geslaag het met uitslae wat vir hulle toegang tot studies vir 'n B-graad toelaat. 11 265 leerders het wiskunde met 'n verbeterde slaagsyfer van 73.9% geslaag. Die 2014-slaagsyfer vir natuurwetenskap was 70.7%. Die getal leerders wat geslaag het, was 7 845.

WKOD Vergelykende NSS-uitslae 2009 – 2014						
Jaar	Geskryf	Geslaag	% Geslaag	Toegang tot B-graad	% Toegang tot B-graad	Skole met slaagsyfer <60%
2009	44 931	34 017	75.7	14 324	31.9	85
2010	45 783	35 139	76.8	14 414	31.5	78
2011	39 988	33 146	82.9	15 215	38.1	30
2012	44 700	36 992	82.8	16 319	36.5	26
2013	47 636	40 558	85.1	19 477	40.9	23
2014	47 709	39 237	82.2	18 524	38.8	31

Die WKOD sal voortgaan om klem te lê op die behoefte om te verseker dat die getal leerders wat hul Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen aflê en slaag, verhoog word. Die Distriksverbeteringsplanne fokus hierop en sit strategieë en planne vir implementering dienooreenkomstig uiteen.

### Verhaalprogram

Die WKOD, in oorleg met ander regeringsdepartemente en burgerlike organisasies, poog om die uitwerking van armoede en misdaad op leer op vier hoofmaniere te beperk.

1. "Geen-fooi" skole en vrystelling van skoolgeld by foobetalende skole;
2. Verskaffing van voedsel deur die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP);
3. Leerdervoerskemas en
4. Veiligheidsmaatreëls.

Die getal leerders wat deur hierdie vorme van maatskaplike ondersteuning bevoordeel is, is soos volg:

	2010	2011	2012	2013	2014
Leerders wat deur die geen-fooi-opsie (NK 1-3) bevoordeel word; ook ingesluit: Die getal bykomende leerders (NK4 en NK5) wat vrywillig as geen-fooi-leerders verklaar is.	365 112	365 812	370 617	371 122	554 265
Leerders wat deur vrystelling van skoolfooie bevoordeel word	Nuut in 2011	48 063	69 940	90 506	104 657
Leerders wat baat by die voedingsprogram (NK 1-3) en geselekteerde NK 4 en 5, gegrond op behoefte	415 829	426 707	427 576	438 437	454 855
Leerders wat leerdervoerskemas gebruik	48 786	50 992	50 526	49 944	52 065

Hierdie programme sal in 2015 voortduur. Die getal leerders wat baat, sal afhang van getalle in skole in Kwintiel 1-3 en op die getal aansoeke in die kategorieë vervoer en foovrystelling. Die *Norme-en-Standaarde-toekennings* vir skole word geweeë sodat skole in die meer behoeftige gemeenskappe meer fondse toegeken word.

Die "per-leerder" bedrae wat aan openbare skole in Nasionale Kwintiel 1, 2 en 3 betaal is, is vanaf 2013/14 gelykgemaak; met ander woorde, NK 2- en-3 skole ontvang dieselfde befondsing as NK 1-skole.

<b>Nasionale teikentoeëennings</b>			
	2013/14	2014/15	2015/16
Kwintiel 1	R1 010	R1 059	R1 116
Kwintiel 2	R1 010	R1 059	R1 116
Kwintiel 3	R1 010	R1 059	R1 116
Kwintiel 4*	R 550	R 830	R 882
Kwintiel 5*	R 239	R 317	R 334
* <i>Gemiddelde koste vir alle skole</i>			

Die koste van die gelykmaking van hierdie *per-leerder* bedrae in Nasionale Kwintiel 2 - 3 was R26 miljoen vir 2014/15.

Status van fooie	Totale getal skole
Geen fooie	887
Skoolgeld gehef	570
Groottotaal	<b>1 457</b>

Een van die mees beduidende verwickelinge in 2014 was die uitbreiding van die *geen-fooi*-skoolprogram. 216 skole, met 172 541 leerders, wat in Kwintiel 4 en 5 is, het 'n uitnodiging aanvaar om "*geen-fooi*"-skole te word. Die aanbod is uitgebrei na daardie skole wat minder as R400 per jaar skoolgeld vra.

Skole wat skoolgeld vra kan om vergoeding vir fooivrystelling aansoek doen in gevalle waar ouers nie die skoolgeld kan betaal nie. R44 miljoen is in 2014 betaal om 104 657 leerders in 713 skole te ondersteun.

Die *Nasionale Skoolvoedingsprogram* (NSVP) het in 2014 op 'n daaglikse basis vir meer as 454 855 leerders van voedsame maaltye by 1 027 geteikende laerskole, sekondêre en spesiale skole voorsien. Die leerders wat gevoed moet word, is in 564 laerskole in Kwintiel 1 tot 3; 111 sekondêre skole in Kwintiel 1 tot 3; 43 spesiale skole en geïdentifiseerde leerders in 309 laer- en sekondêre skole in Kwintiel 4 en 5.

Gekookte maaltye sluit onder meer rys, mielies, soja-maalvleis, sardyne en groente in. Ongekookte maaltye sluit brood met grondboontjebotter en konfynt, voedsame drankies, vars vrugte en groente in. 200 ml melk word een keer 'n week voorsien. Die WKOD se NSVP het sedert die 2013/2014-boekjaar ook vyf dae 'n week ontbyt verskaf. Die fokus in 2015 sal op die verhoging van die voedingswaarde van maaltye wees.

Die *Veilige Skole-program* het 'n drieledige strategie, naamlik die voorsiening van sekuriteitsmeganismes, gesindheid- en gedragsprogramme en netwerke met toepaslike rolspelers. Die WKOD het 'n *Veilige Skole*-inbelsentrum, waar verskeie kwessies oor skoolgebaseerde geweld aangemeld kan word en berading word deur die Inbelsentrum aan geaffekteerde en getraumatiseerde individue gebied.

Die *Veilige Skole*-inbelsentrum ontvang tot 20 000 oproepe per jaar. Baie oproepe is versoeke om inligting oor hoe om 'n sekere bedreiging te hanteer, inligting oor MIV en Vigs, tienerswangerskappe of prosedures vir wangedrag. Sekere oproepe hou verband met mishandeling (liggaamlik, emosioneel, middelmisbruik). Die *Veilige Skole*-inbelsentrum bied ondersteuning met aanvanklike aanlyn ondervraging, waarna die saak vir in-diepte berading verwys word, indien nodig. Dit sal in 2015 voortduur.

Veiligheidsondersteuning word vir vyftig nuwe skole per jaar verskaf, gegrond op behoeftes en risiko's. Dit is belangrik dat skole veilig gehou word deur fisiese veiligheidsmaatreëls, samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens en Metropolisie, en gemeenskapsbetrokkenheid om skole te beskerm. Daarbenewens sal die WKOD, in samewerking met ander regeringsdepartemente en die SAPD, voortgaan om lukrake inspeksies en toetse vir dwelms en wapens uit te voer. Die loodsprogram, waarin opgeleide Skoolveiligheid-hulpbronbeamptes in 2013 by ses skole in oorleg met die Metropolisie ontplooi is, het voordele opgelewer en gelei tot 'n ooreenkoms om 30 skole op hierdie wyse te ondersteun ten einde 'n veilige omgewing vir onderrig en leer te voorsien.

Die WKOD sal in 2015 sekuriteitsmeganismes aan 'n bykomende 50 skole voorsien. Ons sal die vakansie- en naskoolse programme uitbrei d.m.v. jeugontwikkeling en die instelling en ondersteuning van Veilige Skole-jeugklubs.

Die *leerdervervoerskema* verskaf busvervoer na en vanaf skool aan ongeveer 50 000 leerders, grotendeels in landelike gebiede. Noukeurige bestuur van hierdie stelsel is noodsaaklik om die veiligheid van leerders te verseker. Die beleid maak voorsiening vir vervoer aan leerders wat 5 kilometer of meer vanaf die naaste geskikte skool woon. Die voortgesette groei in leerdergetalle beïnvloed steeds behoeftes. Daar is tans 516 roetes in die vervoerskema, hoofsaaklik in die landelike gebiede. In 2015 sal roetes en getalle kwalifiserende leerders bevestig word en die beste manier om aan akkommodasie- en vervoerbehoefte te voorsien, sal bepaal word.

#### 4.2. Organisasoriese Omgewing

Die WKOD poog om reaktiewe en doeltreffende dienste te lewer en die departement se sakeprosesse en -stelsels te verbeter. Die hoofkantoor en agt distrikskantore van die WKOD is gestruktureer en ontwerp om vinnige en deskundige dienste en ondersteuning aan skole en onderwysers te voorsien.

#### Infrastruktuur- en hulpbronbehoefte van die departement

##### Infrastruktuurbehoefte

Die huidige voorsiening van kantoorruimte vir die WKOD is soos volg:

Hoofkantoor	Hoofgebou van die hoofkantoor is in die Grand Central-gebou geleë. 'n Aansienlike gedeelte van die personeel word ook in die Sanlam-gebou, Goue Akker gehuisves.	Albei geboue is gehuurde eiendom. Provinsiale Tesourie het 'n openbare-privaat vennootskap goedgekeur om 'n nuwe hoof-kantoor vir die WKOD, nader aan die parlementêre buurt, op te rig. Die nuwe kantoor sal mettertyd alle hoofkantoorpersoneel onder een dak huisves.
Distrikskantore	Daar is agt distrikskantore: 1. Metro Noord (in Parow) 2. Metro Suid (in Mitchells Plain) 3. Metro Sentraal (in Maitland) 4. Metro Oos (in Kuilsrivier) 5. Weskus (in Paarl) 6. Kaapse Wynland (in Worcester) 7. Eden/Sentraal Karoo (in George) 8. Overberg (in Caledon)	Die gebou in George is 'n gehuurde gebou. Die WKOD sal binnekort na die York-gebou verhuis, wat provinsiale eiendom is. Die konstruksie van 'n nuwe distrikskantoor vir Metro-Suid is op 'n gevorderde stadium. Die nuwe kantoor sal in Ottery opgerig word. Daar is langtermynplanne om die Weskus-kantoor van die Paarl na Malmesbury te verskuif, onderworpe aan fondse.



Dienspunte	<p>Skole word ook word deur verskillende dienspunte gediens, veral in die landelike gebiede. Daar is dienspunte in die volgende liggings:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Vishoek</li> <li>2. Lentegeur (Mitchells Plain)</li> <li>3. Stellenbosch (gehuur)</li> <li>4. Paarl</li> <li>5. Swellendam</li> <li>6. Knysna (gehuur)</li> <li>7. Vredenburg (gehuur)</li> <li>8. Vredendal</li> <li>9. Riversdal (gehuur)</li> <li>10. Robertson (Thusong-sentrum)</li> <li>11. Mosselbaai</li> <li>12. Oudtshoorn</li> <li>13. Clanwilliam</li> <li>14. Ceres</li> <li>15. Malmesbury</li> <li>16. Piketberg (gehuur)</li> <li>17. Ottery</li> </ol>	Die doel van die dienspunte is om dienste nader aan die WKOD se kliënte (ouers/skole/onderwysers) te bring.
Ander geboue	Edulis-biblioteekdienste. In gehuurde akkommodasie in Bellville	Konstruksie van die nuwe Edulis-gebou op die KOLI-kampus sal in 2015/16 'n aanvang neem.
	Edumedia – in Mowbray.	

### Hulpbronbehoefes

Die Sentrum vir e-Innovasie van die Departement van die Premier vereis dat standaard-rekenaartoerusting wat deur amptenare van die WKOD gebruik word, binne waarborg en in ooreenstemming met korporatiewe IKT-standaarde moet wees ten einde die vereiste IKT-ondersteuning aan die departement te bied. Die WKOD is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat die eindgebruiker-rekenaartoerusting aan die WKR-standaard voldoen en binne 'n drie-jaar siklus in lyn met die beleid oor hulpbrontoekenning opgeknop word. 'n Begroting van R8.6m is vir die 2015/16-boekjaar toegeken vir die opknapping van standaard-korporatiewe IKT-toerusting (lessenaarrekenaars, skootrekenaars en drukkers). Ongeveer 395 lessenaarrekenaars, 96 skootrekenaars en 356 drukkers sal in 2015 opgeknop word.

### Onderwysvoorsiening

Die WKOD bestaan uit die provinsiale ministerie van onderwys met die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap aan die hoof, die provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwys-instellings, insluitende gewone en spesiale openbare skole en VKO-terreine.

Die tabelle hieronder toon die getal werknemers en die vakatures by die WKOD. Daar moet op gelet word dat hierdie syfers wissel na gelang van die tyd van die jaar.

Indiensneming en vakatures per program, 31 Desember 2014							
Personeel-groep	Program	Getal befondsde poste	Onbefondsde poste	Getal poste gevul	Vakature-koers %	Getal persone bykomend tot die diensstaat	Totale getal werknemers
Alle personeel	Program 1	952	46	857	10%	16	873
	Program 2	33 352	108	33 342	0%	261	33 603
	Program 4	2 973	8	2 780	6%	24	2 804
	Program 5	1 331	153	887	32%	0	887
	Program 6	12	0	8	33%	0	8
	Program 7	15	0	168	0%	0	168
	Program 8	0	0	14	0%	0	14
	Program 9	1 303	40	1 190	9%	25	1 215
	<b>Totaal</b>	<b>39 918</b>	<b>355</b>	<b>39 246</b>	<b>2%</b>	<b>326</b>	<b>39 572</b>
Opvoeders	Program 1	122	5	114	7%	8	122
	Program 2	27 353	3	27 477	0%	136	27 613
	Program 4	1 883	0	1 822	3%	13	1 835
	Program 5	885	0	736	17%	0	736
	Program 6	4	0	2	50%	0	2
	Program 7	15	0	168	0%	0	168
	Program 8	0	0	1	0%	0	1
	Program 9	663	5	631	5%	16	647
	<b>Totaal</b>	<b>30 925</b>	<b>13</b>	<b>30 951</b>	<b>0%</b>	<b>173</b>	<b>31 124</b>
Staatsdienspersoneel	Program 1	830	41	743	10%	8	751
	Program 2	5 999	105	5 865	2%	125	5 990
	Program 4	1 090	8	958	12%	11	969
	Program 5	426	153	151	65%	0	151
	Program 6	8	0	6	25%	0	6
	Program 7	0	0	0	0%	0	0
	Program 8	0	0	13	0%	0	13
	Program 9	640	35	559	13%	9	568
	<b>Totaal</b>	<b>9 081</b>	<b>342</b>	<b>8 295</b>	<b>8%</b>	<b>153</b>	<b>8 448</b>

Indiensneming en vakatures per salarisband, 31 Desember 2014							
	Salarisband	Getal befondsde poste	Onbefondsde poste	Getal poste gevul	Vakature-koers %	Aantal bykomend tot die diensstaat (preprimêre personeel uitgesluit)	Totale getal werknemers
Alle personeel	Laer geskoold (SV 1-2)	3 345	204	3 211	4%	41	3 252
	Geskoold (SV 3-5)	4 144	85	3 733	10%	64	4 525
	Hoogs geskoold produksie (SV 6-8)	28 256	43	28 554	0%	169	27 995
	Hoogs geskoold toesighouding (SV 9-12)	4 123	23	3 701	10%	50	3 751
	Senior bestuur (SV13-16)	50	0	47	6%	2	49
	<b>Totaal</b>	<b>39 918</b>	<b>355</b>	<b>39 246</b>	<b>2%</b>	<b>326</b>	<b>39 572</b>
Opvoeders	Laer geskoold (SV 1-2)	0	0	0	0%	0	0
	Geskoold (SV 3-5)	0	0	0	0%	0	728
	Hoogs geskoold produksie (SV 6-8)	27 060	2	27 475	0%	128	26 875
	Hoogs geskoold toesighouding (SV 9-12)	3 865	11	3 476	10%	45	3 521
	Senior bestuur (SV13-16)	0	0	0	0%	0	0
	<b>Totaal</b>	<b>30 925</b>	<b>13</b>	<b>30 951</b>	<b>0%</b>	<b>173</b>	<b>31 124</b>
Staatsdienspersoneel	Laer geskoold (SV 1-2)	3 345	204	3 211	4%	41	3 252
	Geskoold (SV 3-5)	4 144	85	3 733	10%	64	3 797
	Hoogs geskoold produksie (SV 6-8)	1 196	41	1 079	10%	41	1 120
	Hoogs geskoold toesighouding (SV 9-12)	258	12	225	13%	5	230
	Senior bestuur (SV13-16)	50	0	47	6%	2	49
	<b>Totaal</b>	<b>8 993</b>	<b>342</b>	<b>8 295</b>	<b>8%</b>	<b>153</b>	<b>8 448</b>


Die organogram word as Bylae F aangeheg.

#### *Sterkpunte en beperkinge in lewering*

Skole word in die algemeen deur bevoegde en ervare spanne van distriksamptenare bedien. Baie van hulle werk word deur die Program vir Skoolverbeteringsmonitering ingelig en word ondersteun deur die betrokke afdelings by hoofkantoor wat vir hulpbronvoorsiening en klaskamer- en kurrikulumbestuursondersteuning verantwoordelik is. Die jaarlikse Kliënte-tevredenheidsopname verkry en monitor terugvoer van skole oor die dienste van die WKOD en alle pogings word aangewend om op enige geïdentifiseerde swakhede te reageer. Die WKOD heroorweeg die diensleweringmodel in lyn met die nuwe nasionale standaardposbeskrywings en sal binnekort 'n hersiene model vir skoolondersteuning uitreik om ondersteuning verder te verbeter.

## Ruimtelike verspreiding

Die huidige verspreiding van skole word hieronder aangetoon



### 4.3. Hersiening van wetgewende en ander mandate

Die Wysigingswet op Basiese Onderwyswette, 2011 (Wet 15 van 2011) is op 19 September 2011 uitgevaardig. Die doel van die Wet is onder andere om aspekte van die daarstelling van die Departement van Basiese Onderwys en verwante aangeleenthede te akkommodeer; die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (NEPA) en die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA), die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000) en die Wet op die Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001) te wysig. Die Wet maak ook voorsiening vir die verskeie soorte openbare skole vir leerders met spesiale opvoedkundige behoeftes, die addisionele funksies van prinsipale en die opleiding van beheerliggame deur erkende beheerliggaamverenigings.

Die Minister van Basiese Onderwys het op 8 Januarie 2013 in Staatskoerant Nr. 36062 die *Regulasies ten opsigte van Minimum Eenvormige Norme en Standaard vir Openbare Skoolinfrastruktuur* vir kommentaar gepubliseer. Hierdie Regulasies is ingevolge artikel 5A(1)(a) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)* gepubliseer. Na die aanvanklike publikasie, is die hersiene *Regulasies ten opsigte van Minimum Eenvormige Norme en Standaard vir Openbare Skoolinfrastruktuur* vir kommentaar in Staatskoerant Nr. 36837 gedateer 12 September 2014 gepubliseer. Die Minister van Basiese Onderwys het, na oorweging van die kommentaar en gesprekvoering met die Minister van Finansies, die *Regulasies ten opsigte van Minimum Eenvormige Norme en Standaard vir Openbare Skoolinfrastruktuur* voorgeskryf, soos gepubliseer op 29 November 2013 in Staatskoerant Nr. 37081.

Die Departement van Basiese Onderwys het die *Nasionale Norme en Standaard vir Skoolbefondsing* met ingang 1 April 2011 gewysig. Die wysigings behels die voorsiening van operasionele fondse aan "geen-fooi" skole en vergoeding vir vrystelling van skoolfooi vir fooibetalende skole (paragraaf 170A). 'n Latere wysiging maak voorsiening vir die Graad 3 en Graad 6 Jaarlikse Nasionale Assesserings in openbare skole om gebruik te word om leerderprestasie te meet in daardie onafhanklike skole wat vir 'n subsidie in aanmerking kom.

Die *Regulasies insake die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen* is in Staatskoerant Nr. 37651 gedateer 16 Mei 2014 gepubliseer. Hierdie regulasies met betrekking tot die afneem, administrasie en bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen is van toepassing op alle assesseringsliggame wat verantwoordelik is vir die afneem, administrasie en bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bestaan uit (a) 'n Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring vir alle goedgekeurde vakke, (b) die *Nasionale Beleid oor Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en (c) die *Nasionale Protokol vir Assesering Graad R-12*. Die Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV) spesifiseer in een dokument vir elke vak die onderrigtyd, inhoud, vaardighede, leer-en- onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) wat benodig word en die gewigte en voorskrifte vir assessering. Die KABV is in 2012 in die Grondslagfase en Graad 10, in 2013 in die Intermediêre Fase en Graad 11 en in 2014 in die Senior Fase en Graad 12 geïmplementeer.

Die Departement van Basiese Onderwys het op 19 November 2014 in Staatskoerant Nr. 38226 'n beroep gedoen op skriftelike voorleggings van belanghebbende liggame en lede van die publiek oor die wysigings aan die beleidsdokument, *Nasionale Beleid oor Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, met die doel om die volgende beleidsdokumente te wysig: (a) *Nasionale Beleid oor Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, gepromulgeer as Goewermentskennisgewings No. 1115 en 1116 in Staatskoerant Nr. 36042 gedateer 28 Desember 2012 (Bylae 1); en (b) *Nasionale Beleid insake die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen* (Bylae 2).

Eweneens is 'n beroep op 19 November 2014 in Staatskoerant No. 38225 gedoen op skriftelike voorleggings van belanghebbende liggame en lede van die publiek oor die konsep-*Gewysigde Regulasies insake die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, met die doel om die volgende te wysig: (a) *Die Regulasies insake die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, gepromulgeer as Goewermentskennisgewing 1114 in Staatskoerant Nr. 36041 van 28 Desember 2012 (Bylae 1); en (b) die *Regulasies insake die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen* (Bylae 2).

Verdere wysigings aan die *Kinderwet, 2005* (Wet 38 van 2005) het op 1 April 2010 in werking getree. Kragtens artikel 196(3) van die *Kinderwet* het nywerheidskole en verbeteringskole, wat die verantwoordelikheid van die provinsiale Departement van Onderwys was, binne twee jaar na die aanvang van die tersaaklike hoofstuk in die Wet die verantwoordelikheid van die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geword. Na aanleiding van die beslissing van die Konstitusionele Hof in die saak tussen *The Teddy Bear Clinic for Abused Children* en 'n *Ander v Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling* en 'n *Ander, SK 12/13*, onder andere 'n Wysigingswetsontwerp op Geregtelike Aangeleenthede is die Parlement voorgelê en beoog die wysiging van, onder andere, die *Kinderwet, 2005*, die *Wet op Kinderberegting, 2008*, die *Wysigingswet op Strafberegting (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007*, insluitend aspekte van die *Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000*. Hierdie beklemtoonde stukke van voorgestelde wysigings is veral van toepassing op die onderwys, aangesien dit aandag skenk aan, onder andere, gedeeltes van wetgewing wat volgens die Konstitusionele Hof onregverdigbaar inbreuk maak op kinders se grondwetlike regte, die Nasionale Register vir Seksoortreders en die skrapping van rekords en die tydperk wat toegelaat word om toegang tot inligting ingevolge die *Wet op die Openbare Toegang tot Inligting (PAIA)* te kry.

## **Nuwe provinsiale wetgewende ingrypings**

Die *Regulasies met betrekking tot die Verklaring van Persoonlike Belange van Lede van Beheerliggame in die Verkryging van Goedere en Dienste vir Openbare Skole* is vir openbare kommentaar in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7039. Hierdie Regulasies is in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7179 gedateer 18 November 2013 afgekondig en aan skole via Omsendbrief Nr. 0052 van 2013 vir implementering in 2014 versprei. Hierdie regulasies beoog om 'n protokol vir lede van beheerliggame te vestig om persoonlike belange te verklaar wanneer aangeleenthede rakende die verkryging van goedere en dienste vir skole behandel word en sodoende enige belangebotsings tussen 'n lid en 'n skool uit te skakel.

Die *Konsepregulasies oor die Pligte van Skoolbywoningsbeamptes* is op 27 September 2013 in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7176 vir openbare kommentaar gepubliseer. Kommentaar wat ontvang is, is oorweeg en die finale *Regulasies oor die Pligte van Skoolbywoningsbeamptes* is op 2 Desember 2013 in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7205 gepubliseer. Hierdie regulasies vestig die pligte van 'n skoolbywoningsbeampte; beskryf geldige redes vir afwesigheid van die skool en verskaf besonderhede oor die skriftelike kennisgewing aan ouers ten einde leerderbywoning vir leerders van verpligte skoolgaande ouderdom asook nienakoming deur betrokke ouers te behandel. Openbare skole is van hierdie regulasies via Omsendbrief 0002 van 2014 in kennis gestel.

Die *Regulasies rakende die Dissiplinering, Skorsing en Verbanning van Leerders by Openbare Skole in die Wes-Kaap* is op 15 Desember 2011 in Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 6932 gepubliseer en het op 1 April 2012 in werking getree. Skole word versoek om hul gedrags-kode by hierdie regulasies aan te pas en om die substantiewe en prosedurele standaarde te volg wat in die regulasies t.o.v. aangeleenthede oor leerders se wangedrag bepaal word.

Die *Regulasies met betrekking tot die Minimum Onderrigure per skoolweek en skooldag in openbare skole in die Wes-Kaap* is in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7065 gedateer 28 November 2012 gepubliseer en via Omsendbrief 0044 van 2012 aan skole bekendgestel. Hierdie regulasies maak voorsiening vir die minimum onderrigure per vak per fase, algemene beginsels wat toegepas moet word wanneer die minimum skoolure per week en per skooldag bereken word, individuele ondersteuningsplanne; en gesteeerde datums van implementering.

Die *Regulasies insake die Bestuur en Beheer van Koshuise by Openbare Skole en die Beheer oor Onroerende Eiendom en Toerusting* is in die Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7066 van 2012, gedateer 28 November 2012, gepubliseer. Hierdie regulasies behandel onder meer beheer en bestuur van koshuise by openbare skole, die koshuiskomitee, finansiële en batebestuur van 'n koshuis en sake rakende leerders in die koshuis.

Die *Regulasies insake Besoeke aan en Assessering van Openbare en Gesubsidieerde Onafhanklike Skole* is in die Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 6976 van 2012, gedateer Maart 2012, gepubliseer. Hierdie regulasies behandel aspekte soos die doel van skoolbesoeke en -assessering, die norme en standaarde, rolle en verantwoordelikhede en magtiging vir skoolbesoeke en -assessering. Dit sluit ook aspekte in oor die kennisgewing aan skole, die besoek- en assesseringsinstrument en die voltooiing van verslae.

Die *Regulasies insake die Registrasie van en Subsidies aan Onafhanklike Skole (Onafhanklike Preprimêre Skole uitgesluit)* is in die Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 6932 van 2011, gedateer Desember 2011, gepubliseer. Hierdie regulasies bevat die vereistes en gronde vir registrasie, prosedure vir registrasie, registrasiesertifikate en toestemming vir leerders om vir eksamens te registreer en eksamens af te lê, monitering van en toegang tot onafhanklike

skole, subsidies aan onafhanklike skole, onttrekking van registrasie en die sluiting van onafhanklike skole en appèlle aan die Provinsiale Minister.

*Die Regulasies insake die Instelling en Funksies van die Onderwysraad* is in die Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 6910, gedateer September 2011, gepubliseer. Hierdie regulasies bevat die samestelling van die Onderwysraad, die ampstermyn van lede, diskwalifikasie en beëindiging van lidmaatskap, ontbinding van die Raad, vakatures op die Onderwysraad, die Uitvoerende Komitee en vergaderings en prosedures.

Regulasies ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997), gedateer 15 Desember 2011, is soos volg voorberei:

- 1) *Die Konsepregulasies met betrekking tot die Toelating van Leerders tot Openbare Skole vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoefte* is ingevolge artikel 63(1), gelees met artikel 20A(2), op 18 Oktober 2013 vir openbare kommentaar in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7187 gepubliseer. Kommentaar wat ontvang is, word vir die finalisering van die Regulasies oorweeg. Hierdie konsepregulasies beskryf die kriteria vir die toelating van leerders tot openbare skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte, wat die assessering en ondersteuning van leerders, wat as deel van die toelatingsproses moet plaasvind, insluit.
- 2) *Die Konsepregulasies insake die Departementshoof se Uitreiking van Prestasie-aanwysers wat Bindend op Openbare Skole*, is vir kommentaar in die Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7335, gedateer 25 November 2014, gepubliseer. Hierdie regulasies beoog om aanwysers vir openbare skole uiteen te sit ten einde die akademiese prestasie van die openbare skool te monitor en evalueer sodat die departement die betrokke openbare skole kan bystaan, adviseer en ondersteun om beter te presteer.

*'n Riglyn vir Speelgrondveiligheid by Openbare Skole* is via Omsendbrief 0011 van 2014 aan skole gekommunikeer. Die riglyn maak voorsiening vir die rolle en verantwoordelikhede van personeel met betrekking tot die veiligheid van leerders op die speelgrond, die oppervlaktes van speelgronde, giftige en andersins ongeskikte plante, asook leiding met betrekking tot die keuse van speelgrondtoerusting. Dit sluit bylaes in wat handel oor basiese omgewings-opnames, voorsorgmaatreëls met die aankoop of installering van speelgrondtoerusting en die inspeksie en instandhouding van toerusting.

*Die Hersiene Beleid en Protokol oor Veiligheid in Skoolwetenskap in die Wes-Kaap* is via Omsendbrief 0021 van 2012 aan skole gestuur. Die beleid gee duidelikheid oor aspekte soos die aanstelling van 'n skoolwetenskap-veiligheidsbeampte, veiligheid in skoolwetenskap-laboratoriums, die verantwoordelikhede van leerders wat die wetenskaplaboratorium gebruik, die benoeming van 'n eksterne wetenskapveiligheidsmonitor, die funksies van die eksterne wetenskapveiligheidsmonitor, beperkte chemikalieë, die beperkings op demonstrasie van chemiese reaksies en die berging van chemikalieë.

*Die Riglyne vir Willekeurige Deursoeking en Beslaglegging van Alkoholiese Drink en die Toets vir Onwettige Dwelms by Openbare Skole* is via Omsendbrief 0024 van 2011 aan skole gestuur. Hierdie riglyne bepaal die prosesse en prosedures waardeur willekeurige deursoeking en beslaglegging en alkoholiese drank- en dwelmtoetse deur skoolhoofde of hul afgevaardigdes by die skool uitgevoer moet word. Hierdie riglyne het ten doel om die voorvalle van geweld en die gebruik van onwettige middels deur leerders te verminder en om 'n veilige skoolomgewing vir onderrig en leer te skep.

*Die Bepaling van die Funksies en Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders by Openbare Skole* is in die Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7317, gedateer 13 Oktober 2014, gepubliseer. Dit is via Omsendbrief 0001 van 2015 aan skole gekommunikeer. Buiten die bepaling van die funksies en prosedures vir die instelling en verkiesing van die Verteenwoordigende Rade van Leerders, maak die Jaarlikse Prestasieplan 2015/16 – 2017/18

dokument ook voorsiening vir die rol en funksies van die Onderwyserskakeelbeampte en die pligte verbonde aan daardie beampte as 'n Kiesbeampte vir die verkiesing van die Verteenwoordigende Raad van Leerders by 'n skool.

## **5. Beplande ingrypings en programme**

Die WKOD sal op Onderwyserontwikkeling en -ondersteuning en op Skoolbestuur en -beheer fokus ter nastrewing van die drie provinsiale onderwysdoelwitte, naamlik

- *Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole;*
- *Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat;*
- *Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in meer behoeftige gemeenskappe.*

Die hulpbronne wat hiervoor voorsien sal word, is handboeke en infrastruktuur. Dit sal in samewerking met die uitbreiding van e-leer verskaf word, wat parallel loop met die aanvang van die provinsiale breëband-projek.

Beslissende en deelnemende ondersteuning en aanspreeklikheid sal die kenmerke van die volgende vyf jaar wees, met die voortgesette gebruik en uitbreiding van die e-administratiewe stelsels en die gebruik van die Skoolverbetering- en Distriksontwikkelingsplanne en die Monitering van Skoolverbetering.

Data-gedrewe beplanning sal besluite by Hoofkantoor asook op distriksvlak inlig. Die beplanningsproses vir skoolverbetering en aansporings vir skole sal op skoolvlak die verbetering van alle kinders se leerervaring en -uitkomste in oënskou neem.

### **Stelsels en ondersteuning vir verbeterde leeruitkomste**

#### *Mensebestuur*

Drie vakaturelyste vir opvoeders word vir 2015 beplan. Die e-werwingstelsel sal toenemend alle aspekte van die werwingsproses vergemaklik. Skole sal in Augustus 2015 van hulle personeel-toewysing vir 2016 in kennis gestel word sodat beplanning en die opstel van roosters tydig kon plaasvind.

Poste van skoolhoof sal in elkeen van die vakaturelyste en op aanvraag geadverteer word. Ten einde stabiliteit van bestuur in skole te maksimaliseer, sal die proses van die finalisering van aanstelling van skoolhoofde, met minimum ophoud, steeds prioriteit geniet. Aanstellings-kriteria, wat in die advertensie verskyn, sluit die vereiste in dat kandidate vir skoolbestuur bewys moet lewer van verbeterings wat hulle in hul vorige poste aangebring het. Bevoegdheidstoetse sal vir alle kortlyskandidate vir skoolhoofposte uitgevoer word as deel van die program om die werwingsproses te versterk.

Die vakaturelyste vir skoolhoofde sal verseker dat skole tydige aanstellings maak en sodoende die gladde oorgang van leierskap met minimale ontwrigting vir skoolonderwys verseker. Geskeduleerde induksieprogramme sal nuwe werknemers ondersteun.

#### *Professionele ontwikkeling*

Die professionele ontwikkeling van onderwysers en skoolbestuurders is 'n sleutelfokus van die WKOD. Dit sluit 'n reeks kursusse, seminare en konferensies by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) in. Buiten intensiewe twee-week kursusse, bied die KOLI ook verskeie seminare en konferensies oor aktuele kwessies. Benewens die generiese KOLI-opleidingsingrypings, het die fokus in 2014 na gelokaliseerde ondersteuningsgroepe verskuif om onderwerpe en spesifieke behoeftes d.m.v. skoolgebaseerde of area-gebaseerde programme op distriksvlak te behandel. Die program se bykomende fokusse vir 2014 was op IT-integrering en die onderrig van leerders met spesiale onderwysbehoefte. Dit sal in 2015



voortduur, saam met die beplanning vir die bekendstelling van die voorgenome Onderwyserontwikkelingsplan vanaf 2016.

In die geval van skoolhoofde, sal daar steeds gefokus word op die voorsiening van groter stabiliteit in skole en op die ontwikkeling en ondersteuning van diegene wat onervare is of ekstra mentorskap nodig het en die ontwikkeling van diegene wat reeds bevoegd is na 'n volgende vlak. Alle distrikte hou induksiesessies vir nuwe aanstellings as deel van 'n gestruktureerde induksieprogram. KOLI-kursusse in skoolbestuursopleiding sluit die volgende onderwerpe in: *skoolhoof as bestuurder van die kurrikulum; die rolle en verantwoordelikhede van onderhoofde; die rolle en verantwoordelikhede van departementshoofde, van voornemende skoolhoofde en skoolleiers; die induksie van skoolhoofde en onderhoofde; opleiding van skoolbestuurspanne en bevordering van vroue in bestuur.*

#### *Skoolbestuur en Beheer*

Suid-Afrikaanse navorsingstukke dui op die negatiewe impak van ontwrigting op leer. Daar is dus 'n sterk klem op die behoorlike aanwending van onderrigure. Hierdie klem word ondersteun deur kwartaalike verslagdoening oor leerders en onderwysers se afwesigheid en die beleid oor leerderafwesigheid. Daar sal in 2015 volgehoue klem op die optimale benutting van die skooldag gelê word.

Die *moniteringsprogram* om elemente van die Skoolverbeteringsplanne te monitor en ondersteun, sal voortduur. Die belangrikste fokusse is: handboeke, wat bestelling en benutting betref; skoolbestuur; die Graad 1- en Graad 9-planne om deurset in hierdie grade te verbeter; kurrikulumdekking; administratiewe voortreflikheid deur die skool se SOBIS-inligting by te werk; fasiliteitsbestuur; betrokkenheid met ouers en die vul van vakatures. Nuwe bykomende fokusse sal op die benutting van die maksimum aantal onderrigdae en op die instandhouding en opknapping van ablusiegeriewe wees.

Die WKOD het 'n uitgebreide program van ondersteuning aan skole ontwikkel vir die verkiesing en opleiding van nuwe skoolbeheerliggame in 2015. Die fokus van die opleiding sal op die rolle en verantwoordelikhede van SBL-lede wees, wat hulle rol in die aanstelling van skoolhoofde en onderwysers insluit. Daar sal 'n sterk fokus op hulle rol in finansiële bestuur wees. Daar sal uitdruklike klem geplaas word op die behoefte om ouers op hoogte van opvoedkundige sake te hou en hul ouerskaprol te versterk.

#### *Vorbereiding vir die 2016-skooljaar*

Die vroeë inskrywingsprogram sal 'n stel goed-gepubliseerde datums vir ouers hê om hul kinders in te skryf en distrikskantore sal inskrywingskomitees en -sentrums instel om ouers van hulp te wees.

Alle aspekte van skoolgereedheid vir 2016 sal stelselmatig behandel word. Dit sluit fisiese gereedheid asook gereedheid van die kurrikulum, bestuur en beheer in. Die WKOD sal ook aandag aan skole om sorgsame skole te wees, aanmoedig en ondersteun. Die nodige meubels sal by skole afgelewer word voordat hulle in 2016 hul deure oopmaak. Dit sluit die bevoorrading van die nuwe skole in.

## 6. Oorsig van 2015/16 begroting en MTUR-beramings

### 6.1 Uitgaweberamings

BT <sup>3</sup> 001	Provinsiale onderwyssektor – Sleuteltendense					
	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17	2017/18
	Werklik	Werklik	Beraam	Beraam	Beraam	Beraam
<b>Inkomste (R'000)</b>						
Billike aandeel	12,812,975	13,898,802	15,101,922	16,285,681	17,078,066	18,166,988
Voorwaardelike toelaes	723,356	1,128,656	1,416,180	1,401,255	1,236,138	1,243,763
Befondsing deur skenkers	0	0	0	0	0	0
Ander finansiering (Batefinansieringsurplus)	75,455	50,208	62,295	28,886	217,874	0
Eie inkomste	41,881	33,554	28,227	29,106	30,648	32,180
<b>Totaal</b>	<b>13,653,667</b>	<b>15,111,220</b>	<b>16,608,624</b>	<b>17,744,928</b>	<b>18,562,726</b>	<b>19,442,931</b>
<b>Betalings per program (R'000)</b>						
1. Administrasie	992,428	1,032,806	1,222,754	1,410,236	1,414,510	1,505,085
2. Openbare gewone skoolonderwys (verdere verdelings hieronder)	10,445,476	11,359,028	12,083,075	12,854,456	13,711,569	14,416,766
3. Subsidies vir onafhanklike skole	72,697	84,648	90,326	95,384	99,544	104,521
4. Openbare spesiale skoolonderwys	820,101	910,338	1,045,531	1,059,085	1,115,143	1,182,555
5. Vroeëkindontwikkeling	383,894	465,535	515,449	619,191	649,810	683,278
6. Infrastruktuurontwikkeling	750,672	1,054,312	1,397,772	1,427,227	1,281,939	1,288,320
7. Eksamen- en onderwysverwante dienste	188,399	204,553	253,717	279,349	290,211	262,406
<b>Totaal</b>	<b>13,653,667</b>	<b>15,111,220</b>	<b>16,608,624</b>	<b>17,744,928</b>	<b>18,562,726</b>	<b>19,442,931</b>
<b>Betalings vir openbare gewone skole (R'000)</b>						
2.1 Openbare laerskoolvlak	6,188,314	6,597,359	7,019,983	7,546,917	8,007,026	8,365,152
2.2 Openbare sekondêre vlak	3,914,964	4,400,697	4,670,330	4,898,502	5,262,059	5,584,250

<sup>3</sup> BT beteken begrotingstabel

BT <sup>4</sup> 001	Provinsiale onderwyssektor – Sleuteltendense					
	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17	2017/18
	Werklik	Werklik	Beraam	Beraam	Beraam	Beraam
<b>Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)</b>						
Lopende betalings	11,728,973	12,776,213	13,876,411	15,080,483	15,888,177	16,658,390
Vergoeding van werknemers	10,462,699	11,273,164	12,202,829	13,206,134	13,946,096	14,702,088
▶ Opvoeders	8,869,970	9,536,228	10,290,140	11,171,920	11,795,484	12,425,433
▶ Nie-opvoeders	1,592,729	1,736,936	1,912,689	2,034,214	2,150,612	2,276,655
Goedere en dienste en ander lopende betalings	1,266,274	1,503,049	1,673,582	1,874,349	1,942,081	1,956,302
Oordragte en subsidies	1,334,977	1,585,964	1,526,601	1,553,244	1,709,769	1,763,384
Betalings vir kapitale bates	571,481	736,777	1,201,048	1,106,372	959,685	1,015,807
Betalings vir finansiële bates	18,236	12,266	4,564	4,829	5,095	5,350
<b>Totaal</b>	<b>13,653,667</b>	<b>15,111,220</b>	<b>16,608,624</b>	<b>17,744,928</b>	<b>18,562,726</b>	<b>19,442,931</b>

ST003	Provinsiale onderwyssektor – Indeling is volgens die posvoorsieningsnorme (2015) uitgevoer				
	Poste PL1	Poste PL2	Poste PL3	Poste PL4	Totaal
<b>Poste per model versprei</b>	21 855	4 472	1 492	1 540	29 359
Openbare gewone skoolonderwys	20 532	4 245	1 415	1 472	27 664
Openbare laerskole	12 877	2 589	858	1086	17 410
Openbare sekondêre fase	7 655	1 656	557	386	10 254
Openbare spesiale skoolonderwys	1 323	227	77	68	1 695

Bron: Posvoorsieningsmodel 2015 (afgerond)

Berekenings is gegrond op die Posvoorsieningsmodel vir 2015 om stabiliteit by instellings te verseker.

<sup>4</sup> BT beteken begrotingstabel

## Deel C: Program- en subprogramplanne

### 1. Program1: Administrasie

**Doel:** Om algehele bestuur van die onderwysstelsel te verskaf in ooreenstemming met die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies en ander beleidsrigtings.

#### Ontleding per program:

Die klem sal in 2015 wees op verbeterde stelsels, wat die streng toepassing van rekeningkundige praktyke en dissiplines insluit, en op behoefte-gebaseerde ondersteuning aan skole.

#### Sleutelfokusareas vir 2015:

- Die hoof- menslike hulpbrondienste wat deur die WKOD voorsien word, sal die volgende behels: (i) bestuur van die posvoorsieningsproses, met skole wat teen Augustus 2014 ingelig word oor hulle personeeltoewysings vir 2015; (ii) advertering van poste en ondersteuning vir die keuring van hoë-gehalte opvoeders; (iii) bestuur van die Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede Weens Swak Gesondheid; (iv) werwing en keuring van bekwame werknemers; (v) vergoedingsbestuur; (vi) plasing van gegradueerdes en oortollige personeel; en (vii) goeie arbeidspraktyke met interne en eksterne rolspelers.
- Ontwikkeling van die Vyf-jaar Onderwyserontwikkelingsplan.
- Wat finansiële bestuur betref, sal klem geplaas word om te verseker dat alle verkrygingsprosesse ten volle voldoen aan en fokus op kostedoeltreffendheid en aanspreeklikheid en dat enige areas van belangebotsing uitgewis word.
- Skole sal van 'n gestandaardiseerde aanlyn-hulpmiddel voorsien word waarop hulle die Skoolverbeteringsplan kan vaslê. Dit sal skole in staat stel om hulle akademiese tendense te ondersoek ten einde ingeligte besluite oor verbetering en teikens te neem. Skoolverbeteringsplanne sal by die planne geïnkorporeer word.
- 'n Aantal besigheidsprosesse sal geoutomatiseer word deur die voorsiening van aanlyn fasiliteite, toegang, meganismes vir verslagdoening en monitering aan skole, distrikte en Hoofkantoor-eenhede.
- Ons sal voortgaan om alle aspekte van SOBIS te versterk sodat data betroubaar en bygewerk is.
- Verseker dat enige risiko's in verband met deurlopende aanlyn e-administrasie aandag geniet en versag word
- Die WKOD sal sterker aandag aan rekeningkundige praktyke en -dissiplines en verkrygingsaangeleenthede skenk ten einde die ouditbevinding van die Ouditeur-General te handhaaf of te verbeter en sal aangeleenthede wat deur die Interne Ouditproses uitgelig word, tydig behandel.
- Heelskoolevaluering (HSE) sal by 120 skole uitgevoer word. Besoeke sal oor drie en vyf dae plaasvind. Spesiale skole en onafhanklike skole sal steeds by die HSE-steekproef ingesluit word. Omvattende individuele skoolverslae sal uitgereik word aan die skole wat besoek word. Elke semester, sal Hierdie skole sal elke semester volgens die HSE-graderings gekodeer word. Die bevindings sal in verslae oor goeie praktyk en tendense gedeel word.
- Die institusionele bestuur- en beheerfunksie in distrikte is hersien en geassesseer volgens die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA), veral elemente rakende skole se finansiële bestuur. Skole wat ondersteuning met finansiële bestuur benodig, sal geprioritiseerde aandag ontvang. Die klem sal op die ondersteuning van die 216 skole wees wat in "geen-fooi" schools omskep is, asook die skole waar ondersteuning ten opsigte van finansiële bestuur geïdentifiseer is.

- Die implementering van artikel 16A van die Suid-Afrikaanse Skolewet – veral wat die funksies van skoolhoofde betref, sal deurlopend geïmplementeer, gemonitor en geëvalueer word.
- Die WKOD sal die verkiesing en induksie en aanvanklike opleiding van SBL'e ingevolge die goedgekeurde 3-jaar opleidingsprogram fasiliteer.

## Subprogramme

### *Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR*

om voorsiening te maak vir die funksionering van die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Onderwys, in lyn met die ministeriële handboek

### *Subprogram 1.2: Korporatiewe Dienste*

om aan die onderwysstelsel bestuursdienste te bied wat nie spesifiek op onderwys gerig is nie

### *Subprogram 1.3: Onderwysbestuur*

om onderwysbestuursdienste vir die onderwysstelsel te voorsien

### *Subprogram 1.4: Menslike Hulpbronontwikkeling*

om menslike hulpbronontwikkeling vir kantoorgebaseerde personeel te verskaf

### *Subprogram 1.5: Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)*

om 'n Onderwysbestuursinligtingstelsel ingevolge die Nasionale Onderwysinligtingsbeleid beskikbaar te stel

## 1.1. Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2015/16

Program 1: Strategiese doelwitte	
<b>Strategiese doelwit 1.1</b>	<b>Ontwikkel en implementeer 'n 5-jaar plan vir die ontwikkeling van onderwysers</b>
<b>Doelwit-verklaring</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Tweejaarlikse vergaderings tussen die WKOD en HOI's en DHOO om voordiens vir onderwysers te beïnvloed</li> <li>2. Ontwikkel en implementeer 'n vyf-jaar, in-diens onderwyser-ontwikkelingsplan (insluitend responsiwiteit op inligting uit toetsing; profielsamestelling van onderwysers; opleiding vir e-leer)</li> <li>3. Ontwikkel en implementeer 'n omvattende onderwyser-aansporings-program vir onderwyserontwikkeling om die professionaliteit, onderrigvaardighede, vakkennis en rekenaargeletterdheid van onderwysers en skoolhoofde te verbeter</li> <li>4. Werf, keur en behou bekwame en goeie-gehalte skoolhoofde en departementshoofde</li> </ol>
<b>Strategiese doelwit 1.2</b>	<b>Verbeter administratiewe en ander steun aan skole, wat toenemend deur aanlyn dienste verskaf word.</b>
<b>Doelwit-verklaring</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Verskaf alle gemandateerde dienste doeltreffend aan skole en monitor tevredenheidsvlakke deur middel van klagtemeganismes en 'n jaarlikse kliëntetevredenheidsopname.</li> <li>2. Benut aanlyn dienste toenemend en optimaal om dienslewering te bespoedig en elimineer ondoeltreffendhede sodat die WKOD dienste aan skole, onderwysers, ouers en leerders op enige tyd, op enige plek lewer (e-Administrasie)</li> <li>3. Onderwysbeplanning moet data-gedrewe en verantwoordbaar wees</li> </ol>

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwitte	Risiko's	Versagting
<b>Ontwikkel en implementeer 'n 5-jaar plan vir die ontwikkeling van onderwysers</b>	<p>Weerstand teen vooraf-gestelde opleidingsvoorstelle deur Hoëronderwysinstellings</p> <p>Onderwyserontwikkelingsplan kry weerstand van onderwysers en vakbonde.</p> <p>Deelname deur onderwysers en vakbonde aan die profiel-samestelling en aansporings-program kom in die gedrang.</p>	<p>Stel 'n formele span saam om met Hoër Onderwysinrigtings te skakel en geskeduleerde vergaderings te hou.</p> <p>Deurlopende skakeling met werknemerpartye by die PRAVO en met alle ander belanghebbendes.</p> <p>Aktiewe en deurlopende program vir steunwerwing en aansporings vir deelname.</p>
<b>Verbeter administratiewe en ander steun aan skole, wat toenemend deur aanlyn dienste verskaf word.</b>	<p>SOBIS is gebou op 'n platform wat nie ontwerp is om bykomende outomatiese sakeprosesse en mobiele tegnologie te akkommodeer nie. Die WKOD is besig om die drempel in terme van kapasiteit oor die internet te bereik.</p> <p>Die kapasiteit (hoofsaaklik tegnies en wat tans die mandaat van Cel is) wat nodig is om die visie vir skole se e-onderwys aan te dryf, is nog nie heeltemal duidelik nie en moet gereeld aandag geniet.</p>	<p>Migreer SOBIS na 'n platform wat oor die e-Onderwys Wye Area Netwerk ontplooi kan word.</p> <p>Gereelde hersiening van implementeringstrategieë en/of hersien organogram om vir gefaseerde implementering voorsiening te maak.</p>

Strategiese doelwit 1.1:	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2011/12	2012/13	2013/14		2015/16	2016/17	2017/18
1.1.1. Onderwyser-ontwikkelingsplan	NvT	NvT	NvT	Omvang van plan se raamwerk bepaal	Plan ontwikkel	Plan geïnisieer	Plan ingestel
1.1.2. Onderwysers wat twee-week kursusse by die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut bywoon	NvT (nie geteiken of geoudit nie)	NvT (nie geteiken of geoudit nie)	NvT (nie geteiken of geoudit nie)	NvT	1 100	1 100	1 100

Strategiese doelwit 1.2:	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2011/12	2012/13	2013/14		2015/16	2016/17	2017/18
Getal skole wat aanlyn bestuurstelsels gebruik om sake te doen	1 452	1 458	1 459	1 528	1 539	1 551	1 553

## 1.2. Strategiese doelwitte en kwartaallikse teikens

Geen

## 1.3. Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2015/16

Programprestasiemaatstawwe vir Program 1	2012/13 Werklik	2013/14 Werklik	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam	2017/18 Beraam
PPM101: Getal openbare skole wat die skool- administratiewe bestuurstelsels gebruik om data elektronies aan die nasionale leerderopspoorstelsel te voorsien	1 458	1 459	1 528 <sup>5</sup>	1 539	1 551	1 553
PPM102: Getal openbare skole wat elektronies (per e-pos) bereik kan word	1 458	1 459	1 528 <sup>6</sup>	1 539	1 551	1 553
PPM103: Persentasie van lopende onderwysuitgawes wat aan niepersoneelitems bestee word	21.76%	21.5%	20.77%	20.63%	20.77%	20.21%
PPM104: Getal skole wat deur distriksamptenare besoek word vir die doel van monitering en ondersteuning	1 458	1 459	1 528 <sup>7</sup>	1 539	1 551	1 553

## 1.4. Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens vir 2015/16

Programprestasiemaatstawwe		Verslag- tydperk	Jaarlikse teiken 2015/2016	Kwartaallikse teikens			
PPM	Teiken			1 <sup>ste</sup>	2 <sup>de</sup>	3 <sup>de</sup>	4 <sup>de</sup>
PPM101	Getal openbare skole wat die skool- administratiewe bestuurstelsels (elektronies) gebruik om data aan die nasionale leerderopspoorstelsel te voorsien	2015/16	1 539	1 539	1 539	1 539	1 539
PPM102	Getal openbare skole wat elektronies (per e-pos) bereik kan word	2015/16	1 539	1 539	1 539	1 539	1 539
PPM104	Getal skole wat deur distriksamptenare besoek word vir die doel van monitering en ondersteuning	2015/16	1 539	1 539	1 539	1 539	1 539

- <sup>5</sup> sluit openbare gewone en spesiale skole in
- <sup>6</sup> sluit openbare gewone en spesiale skole in
- <sup>7</sup> sluit openbare gewone en spesiale skole in

### 1.5. Rekonsiliasie van prestasie-teikens met die begroting en MTUR

BT 101	Administrasie – sleuteltendense					
	2012/13 Werklik	2013/14 Werklik	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam	2017/18 Beraam
Betalings per subprogram (R'000)						
1.1 Kantoor van die LUR	6,340	6,117	7,803	8,118	8,656	9,211
1.2 Korporatiewe Dienste	235,798	238,351	269,088	275,742	293,762	312,237
1.3 Onderwysbestuur	726,514	758,600	906,269	1,085,092	1,067,537	1,137,851
1.4 Menslike hulpbronontwikkeling	1,637	834	6,054	6,372	6,723	7,062
1.5 Onderwysbestuur-Inligtingstelsel (OBIS)	22,139	28,904	33,540	34,912	37,832	38,724
<b>Totaal</b>	<b>992,428</b>	<b>1,032,806</b>	<b>1,222,754</b>	<b>1,410,236</b>	<b>1,414,510</b>	<b>1,505,085</b>
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Lopende betalings	822,395	907,475	1,128,529	1,318,960	1,319,682	1,405,232
Vergoeding van werknemers	631,327	695,123	787,261	821,258	878,266	937,506
▶ Opvoeders	132,580	145,978	165,327	172,466	184,438	196,879
▶ Nie-opvoeders	498,747	549,145	621,934	648,792	693,828	740,627
Goedere en dienste en ander lopende betalings	191,068	212,352	341,268	497,702	441,416	467,726
Oordragte en subsidies	103,067	94,115	56,945	57,603	60,771	63,811
Betalings vir kapitale bates	48,730	18,950	32,716	28,844	28,962	30,692
Betalings vir finansiële bates	18,236	12,266	4,564	4,829	5,095	5,350
<b>Totaal</b>	<b>992,428</b>	<b>1,032,806</b>	<b>1,222,754</b>	<b>1,410,236</b>	<b>1,414,510</b>	<b>1,505,085</b>



## 1.6. Prestasie- en uitgawetendense

Die toename in besteding is hoofsaaklik weens die verbetering van diensvoorwaardes, befondsing wat vir inligting- en Kommunikasietegnologie (IKT) geprioritiseer is en inflasie.

<b>BT102</b>								
	1. Admin	2. OGSO	3. Onafh	4. Spes	5. VKO	6. Infra	7. Eksamen	Totaal
<b>Lopende betalings</b>	<b>1,318,360</b>	<b>12,048,690</b>		<b>915,480</b>	<b>213,139</b>	<b>353,676</b>	<b>230,538</b>	<b>15,080,483</b>
Vergoeding van werknemers	821,258	11,190,592		887,631	149,575	5,864	151,214	13,206,134
<b>Opvoeder</b>	172,466	10,071,532		701,228	149,575		151,214	11,246,015
Salarisse en lone	62,820	7,999,275		598,596	128,635		134,580	8,923,906
Maatskaplike bydraes	109,646	2,072,257		102,632	20,940		16,634	2,322,109
<b>Nie-opvoeders</b>	648,792	1,119,060		186,403		5,864		1,960,119
Salarisse en lone	236,319	888,809		159,121		5,864		1,290,113
Maatskaplike bydraes	412,473	230,251		27,282				670,006
Goedere en dienste	497,702	858,098		27,849	63,564	347,812	79,324	1,874,349
Administratiewe gelde	773	51					210	1,034
Advertensies	6,256	1,606			4		39	7,905
Bates minder as die kapitalisasiedrempel	11,450	69					12,378	23,897
Ouditkoste Ekstern	13,738							13,738
Beurse: Werknemers	770	4,895						5,665
Spyseniering: Departementele aktiwiteite	6,158	9,819		12	50		9,379	25,418
Kommunikasie (G&S)	13,775	274					353	14,402
Rekenaardienste	22,473			56				22,529
Konsultante en professionele dienste: Besigheids- en adviesdienste	37,301	5,183		1,891		6,658		51,033
Konsultante en professionele dienste: Regskoste	2,443							2,443

<b>BT102</b>								
	<i>1. Admin</i>	<i>2. OGSO</i>	<i>3. Onafh</i>	<i>4. Spes</i>	<i>5. VKO</i>	<i>6. Infra</i>	<i>7. Eksamen</i>	<i>Totaal</i>
Kontrakteurs	8,989	555					313	9,857
Agentskap- en steun-/uitbestede dienste	14,006	257,311			46,270		7,985	325,572
Vermaak	308	2					2	312
Vlootdienste (insluitend staatsmotorvervoer)	21,145	1,057		5,649			1,018	28,869
Voorraad: Leerder-en-onderwyser-ondersteuningsmateriaal	1,432	123,818		651	5,160			131,061
Voorraad: Materiaal en voorraad	254	43					416	713
Voorraad: Ander voorraad	288,122	77,661		3,523	3,320	2,500	1,607	376,733
Verbruiksgoedere	1,283	2,110		14	5		549	3,961
Verbruikbaar: Skryfbehoeftes, drukwerk en kantoorvoorraad	11,651	3,206		3	50	64	9,184	24,158
Bedryfsbruikhuur	2,550	34,201		15,928			3,354	56,033
Eiendomsbetalings	9,415	83,221		98		338,518	3,224	434,476
Vervoer verskaf: Departementele aktiviteit	1,111	229,223			7,430			237,764
Reis en verblyf	12,994	5,957		13	83	72	6,534	25,653
Opleiding en ontwikkeling	1,474	13,816			1,190		1,530	18,010
Bedryfsbetalings	4,321	1,020					18,651	23,992
Lokale en fasiliteite	3,351	2,873		11	1		1,129	7,365
Huur en verhuring	159	127			1		1,469	1,756
Betalings vir finansiële bates	4,829							4,829
Oordragte en subsidies	57,603	805,035	95,384	140,577	406,052		48,593	1,553,244
Departementele agentskappe en rekeninge	6	2					6,450	6,458
Instellings sonder winsbejag	51,340	779,548	95,384	139,025	404,397		39,070	1,508,764
Artikel 21-skole: LOOM		537,318						537,318

<b>BT102</b>								
	<i>1. Admin</i>	<i>2. OGSO</i>	<i>3. Onafh</i>	<i>4. Spes</i>	<i>5. VKO</i>	<i>6. Infra</i>	<i>7. Eksamen</i>	<i>Totaal</i>
Artikel 20-skole		82,843						82,843
Ander onderwysinstellings	51,340	159,387	95,384	139,025	404,397		39,070	888,603
Huishoudings	6,257	25,485		1,552	1,655		3,073	38,022
Betalings vir kapitale bates	28,844	731		3,028		1,073,551	218	1,106,372
Geboue en ander vaste strukture						1,073,551		1,073,551
Geboue						915,529		915,529
Ander vaste strukture						158,022		158,022
Masjinerie en toerusting	28,844	731		3,028			218	32,821
Vervoertoerusting	17,504	402		3,028				20,934
Ander masjinerie en toerusting	11,340	329					218	11,887
Sagteware en ander ontasbare bates								
<b>Groot totaal</b>	<b>1,410,236</b>	<b>12,854,456</b>	<b>95,384</b>	<b>1,059,085</b>	<b>619,191</b>	<b>1,427,227</b>	<b>279,349</b>	<b>17,744,928</b>

## 2. Program 2: Openbare gewone skoolonderwys

**Doel:** Om openbare gewone onderwys vanaf Graad 1 tot 12 ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet en Witskrif 6 oor inklusiewe onderwys te voorsien E-leer is ook ingesluit.

### Ontleding per program:

Die fokus van hierdie program sal in 2015 op die stelsels wees wat nodig is vir 'n verrykende leerervaring ter ondersteuning van die drie doelwitte van die WKOD.

*Sleutelfokusareas vir 2015:*

- Ontwikkel en inisieer die Kurrikulum- en Skoolbestuurstrategieë wat in Strategiese Doelwitte 2.1 en 2.2 geïdentifiseer is.
- Verseker die ontwikkeling en implementering van Skoolverbeteringsplanne (SVP'e) waarin skole oor 'n drie-jaar siklus teikens stel vir die sleutelprioriteite gelys in *Skoolonderwys 2025* en *Aksieplan 2014*, insluitende teikens vir akademiese prestasie in elke graad. Deur hierdie oefening sal daar aandag geskenk word aan gehalte-onderrigtyd, die bestuur van hulpbronne en 'n afname in onderwysers en leerders se afwesigheid.
- Monitering van Skoolverbeteringsplanne moet elke kwartaal volgens 'n stel van tien sleutelaanwysers plaasvind.
- Ondersteuning en voorsiening van skole op grond van hul behoeftes.
- Voorsien en monitor die benutting van handboeke, meubels en toerusting.
- Versterk stelsels vir die bestuur en gebruik van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal op skool en op distriksvlak.
- Verhoog bewustheid oor, en ondersteuning vir, biblioteektoegang en -gebruik
- Reël en implementeer die Hoërskoolprogram ter ondersteuning van die leerbehoefte van diene wat die meeste hulp nodig.
- Skenk aandag aan die koers van herhalings in alle grade, veral in Graad 1 en 9, met ingrypings om dit te bekamp.
- Implementeer die e-leer-strategie in die eerste fase.
- Gebruik fondse vir die ondersteuning van behoeftige leerders om toegang en uitnemendheid uit te brei. Dit sluit die program vir die versterking van uitslae in wiskunde en natuurwetenskappe, die Nasionale Skoolvoedingsprogram, die MIV- en Vigs-program en twee infrastruktuurtoelae in.
- Bied vakansie-opleiding vir die laaste groep opvoeders in die 8-jaar uitrol van die provinsiale taal- en wiskunde-program om opvoeders by 250+ skole op te lei en ondersteun.
- Opleiding van skoolhoofde in finansiële bestuur.
- Verseker 'n goeie induksie- en opleidingsprogram vir die nuutverkose lede van skoolbeheerliggame
- Verseker dat die SBL'e effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuurs- en interne beheerstelsels implementeer en dat die Norme en Standaarde-oordragbetalings aan skole vir die beoogde doel gebruik word.
- Plaas klem op skole om sorgsame skole te wees, met toenemende implementering van die Raamwerk vir die Sorg en Ondersteuning van Onderrig en Leer; met die aangewese voltdiens-/inklusiewe skole as beginpunt. Dit sal verder aangevul word deur die implementering van die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram.

- Lewer deur middel van operateurs by die Veilige Skole-inbelsentrum, distriksgebaseerde Veilige Skole-koördineerders en veldwerkers 'n verskeidenheid spesifieke sorg- en ondersteuningsdienste aan skole wat deur misdaad en geweld geraak word. Die klem sal geplaas word op skole wat beveilig word deur die voorsiening van die noodsaaklike toerusting aan 50 nuwe skole
- Doen gesamentlike beplanning met munisipaliteite en ander staatsdepartemente

## Subprogramme

### Subprogram 2.1: **Openbare laerskoolvlak**

Om spesifieke openbare gewone laerskole (insluitend inklusiewe onderwys) met die hulpbronne toe te rus wat vir die Graad 1- tot 7-vlak benodig word

### Subprogram 2.2: **Openbare sekondêre vlak**

Om spesifieke openbare sekondêre gewone skole (insluitend inklusiewe onderwys) met die hulpbronne toe te rus wat vir die Graad 8- tot 12-vlak benodig word

### Subprogram 2.3: **Menslike hulpbronontwikkeling**

Om departementele dienste te voorsien vir die ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare skole (insluitend inklusiewe onderwys).

### Subprogram 2.4: **Voorwaardelike toelaes**

Om voorsiening te maak vir projekte onder program 2 wat deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer word en deur voorwaardelike toelaes befonds word.

Let wel dat die subprogram: Voorsiening is nie vir "Skoolsport, Kultuur en Mediadienste" gemaak nie, aangesien die funksie by die Departement van Kultuursake en Sport berus

## 2.1. Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2015/16

Program 2: Strategiese doelwitte	
<b>Strategiese doelwit 2.1:</b>	<b>Ontwikkel en implementeer provinsiale kurrikulumbestuur- en ondersteuningstrategieë</b>
<b>Doelwit-verklaring</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Ontwikkel en implementeer 'n taalstrategie wat verseker dat <ul style="list-style-type: none"> <li>- Alle leerders aan die bepaalde norme vir vlotheid in lees en skryf per graad op laerskool voldoen</li> <li>- Alle in-diens-opleidingsprogramme gegrond is op die behoeftes wat in die ontleding van Graad 3-, 6- en 9-taaltoetse en die JNA's geïdentifiseer is</li> </ul> </li> <li>2. Ontwikkel en implementeer 'n wiskundestrategie wat verseker dat <ul style="list-style-type: none"> <li>- Daar 'n fokus is op die bemeesting van basiese wiskundige begrippe in die grondslagfase. Daar in die voorskooljare, veral in Graad R, 'n klem op pre-geesyferdheidsvaardighede is.</li> <li>- Daar 'n klem is op die verbetering van wiskunde-onderdig regdeur die skoolloopbaan, met 'n fokus op onderrig in die intermediêre fase</li> <li>- Hoërskoolleerders met die potensiaal om wiskunde te doen, geïdentifiseer en vir wiskunde ingeskryf is.</li> </ul> </li> <li>3. Ontwikkel en implementeer 'n kurrikulumbestuurplan vir die ontwikkeling van wetenskaplike en tegniese vakke</li> <li>4. Ontwikkel en implementeer 'n kurrikulumbestuurplan wat aan spesifieke behoeftes in die grondslag- en intermediêre fase aandag skenk</li> <li>5. Ontwikkel en implementeer 'n plan van aksie om skole met die beplanning van kurrikulum-aanbiedinge te ondersteun.</li> </ol>

<b>Strategiese doelwit 2.2:</b>	<b>Verseker verbeterde skoolbestuur</b>
<b>Doelwit-verklaring</b>	<p>Ontwikkel ondersteuningsprogramme en skedules vir ingrypings, opgesom in die Distriksontwikkelingsplan, wat voorsiening maak vir die volgende:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Verseker sterk kurrikulumbestuur in alle fases van skoolonderwys, met spesifieke aandag aan die grondslagfase</li> <li>2. Skoolbestuursplanne sal die affektiewe en leerbehoefte van die leerder op hoërskoolvlak suksesvol aanspreek</li> <li>3. Aanstellingsvereistes sal die vermoë van die skoolhoof om kurrikulumbestuursprosesse in skole te lei, insluit</li> <li>4. Die SBS sal ondersteun word met die hantering van alle aangeleenthede oor skoolbeheer, insluitende ontwrigtende gedrag en afwesigheid, ens.</li> <li>5. Skoolbestuur sal 'n leerder-gebaseerde fokus verseker</li> <li>6. Skoolbestuur moet aanspreeklikheid vir al hul funksies aanvaar.</li> <li>7. Opleiding van en ondersteuning aan lede van skoolbeheerliggame en monitering van hul rolle en werksaamhede</li> <li>8. Verbeter die gereeldheid en gehalte van die monitering en steundienste wat deur distrikskantore aan skole voorsien word</li> </ol>
<b>Strategiese doelwit 2.3:</b>	<b>Verseker optimale onderwysvoorsiening vir almal, met 'n spesiale fokus op die mees behoeftige persone.</b>
<b>Doelwit-verklaring</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Verhoog toegang tot biblioteke en leermateriaal deur die bou- en opgraderingsprogram, vennootskappe met provinsiale en munisipale biblioteke, aankoop van biblioteekmateriaal deur norme-en-standaarde-befondsing en die implementering van die e-leer-strategie</li> <li>2. Bou vennootskappe tot voordeel van leerders, insluitend dié met alle belanghebbendes, ander regeringsdepartemente, munisipaliteite en ouers. Die program moet die gehalte en opleiding van skoolbestuurders verbeter en ouerlike ondersteuning aan skole en hul kinders versterk</li> <li>3. Implementeer samesmelting van skole wat in die beste belang van leerders is en beplan die maksimum benutting van koshuise en die doeltreffende bepaling van die roetes vir leerdervoer</li> <li>4. Verseker 'n landelike fokus in die beplanning van onderwysvoorsiening.</li> <li>5. Verseker toegang tot die kurrikulum-aanbod. Dit moet die voorsiening van beter leiding en advies oor vakkeuses insluit, insluitend beroepsgerigte en tegniese vakke vir leerders in geïdentifiseerde geografiese gebiede.</li> <li>6. Verskaf geboue (sien Program 6) en toerusting om onderrig en leer te ondersteun en leeruitkomste te maksimeer. Verseker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders inspireer om skool toe te kom om te leer, en vir onderwysers om te onderrig</li> <li>7. Implementeer die e-leer-program om akademiese prestasie te versterk</li> </ol>
<b>Strategiese doelwit 2.4:</b>	<b>Verskaf maatskaplike ondersteuning en die platform vir jeugontwikkeling</b>
<b>Doelwit-verklaring</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Verseker befondsing van alle skole teen minimum per-leerder-vlakte.</li> <li>2. Gee fooi-vrystelling vir leerders in gevalle waar ouers nie die fooie kan betaal wat deur die skool gevra word nie en daardie skole aansoek om fooivrystelling doen</li> <li>3. Verhoog die getal "geen-fooi"-skole, indien fondse dit toelaat</li> <li>4. Verbeter toegang tot gesondheidsdienste by skole deur middel van meer voedsame voeding en mobiele klinieke</li> <li>5. Skenk aandag aan veiligheidskwessies by skole deur middel van die Veilige Skole-program, in oorleg met ander departemente</li> <li>6. Verskaf doeltreffende ondersteuning ten opsigte van vakkeuses en loopbaanvoorligting. Verseker dat onderwysers toegerus is om op die behoeftes van leerders te reageer, met 'n fokus op die individuele leerder: help om toepaslike vakkeuses in Graad 9 te maak; verskaf studietegnieke; ander toepaslike inligting en verseker overbetrokkenheid en -kommunikasie.</li> </ol>

<b>Strategiese doelwit 2.4:</b>	<b>Verskaf maatskaplike ondersteuning en die platform vir jeugontwikkeling</b>
	<p>7. Implementeer die Jeugontwikkelingstrategie deur middel van:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Ondersteuning vir Massageleentheid- en Ontwikkelingsentrums deur die voorsiening van naskoolse steun – veral in areas waar retensie swak is</li> <li>- Internskappe (Premier se Bevordering van Jeug, Internskap Projek vir Gegradueerdes, Wes-Kaapse Jeug Oorbruggingsjaar Projek) – ontwikkel vaardighede en kennis vir werkgereedheid en inkomstegenerering.</li> <li>- Vaardighedsontwikkeling (Jeug Fokus Projek en Vaardigheidskole) – beroepsgerigte leer en beroepsrigtings.</li> <li>- Onderwysveiligheidsbestuur – ontwikkel ingrypings wat veiliger skole, ondersteunende skoolgemeenskappe en die welstand van leerders bevorder.</li> <li>- Jeugleierskap en Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) – bou vaardighede en kennis gemik op die ontwikkeling van leierskap.</li> <li>- Gesondheid, sorg en ondersteuning – MIV/Vigs en onderwysprogramme vir portuurgroepe.</li> <li>- Skoolverryking – ontwikkel vaardighede en kennis wat nie op inkomstegenerering gemik is nie, bv. burgerlike opvoeding, geskildbeslegting, finansies/skuldbestuur, gesondheid.</li> </ul>

<b>Risiko-oorsig</b>		
<b>Doelwit</b>	<b>Risiko's</b>	<b>Versagting</b>
2.1. Ontwikkel en implementeer provinsiale strategieë vir kurrikulumbestuur en -ondersteuning	<p>WKOD-strategieë is nie voldoende nie</p> <p>Die e-visie-program is te ambisieus vir behoorlike opname</p>	<p>Verseker uitstekende navorsing van bydraende faktore en van die doeltreffendste maatreëls om dit te behandel. Beplan die uitrol deeglik om te verseker dat alle deelnemers in staat is om die geleentheid maksimaal te benut, bv. sonder 'n negatiewe impak op die program van onderrig en leer en dat die belegging in tegnologie goed ingelig is sodat handelinge kostedoeltreffend is en dat verliese of produkveroudering tot die minimum beperk word.</p>
2.2. Verseker verbeterde skoolbestuur	WKOD-strategieë en -planne kry weerstand van skole en vakbonde	Betrek rolspelers en belanghebbendes in die ontwikkeling of bekragtiging van modelle en planne en ter ondersteuning van die implementeringskedule
2.3. Verseker optimale onderwysvoorsiening vir almal, met 'n spesiale fokus op die mees behoeftige persone.	Teikens is te ambisieus en die probleme wat aandag moet geniet is van 'n ernstige aard.	Verseker dat die hulpbronne tot beskikking van die WKOD maksimaal ontplooi word, m.a.w. planne, menslike en fisiese hulpbronne is gefokus op gebiede waar die grootste behoefte bestaan en met inagneming dat ingrypings terrein-gebaseer moet wees en aandag moet skenk aan die spesifieke behoeftes van elke skool en sy gemeenskap. Vennootskappe sal in maksimaal gebruik word – veral met ouers, munisipaliteite en ander departemente.
2.4. Verskaf <b>maatskaplike ondersteuning</b> en die <b>platform vir jeugontwikkeling</b>	Die naskoolse fokus verswak die fokus op skoolopleiding self.	Verseker dat die sleutelemente van die regte vakkeuse, goeie skoolbestuur, skoolkurrikulumbestuur, fokus op die individuele leerder en toegang tot vakke, soos uiteengesit in hierdie plan, voorop gestel word terwyl daar ook 'n duidelike program is om jeug wat 'n risiko loop, te red en hulle van verdere opsies vir leer te voorsien.

Strategiese doelwit 2.1:	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2011/12	2012/13	2013/14		2015/16	2016/17	2017/18
Strategieë vir kurrikulum-bestuur ontwikkel en geïmplementeer	Nuut	Nuut	Nuut	Beplanning	Ontwikkel	Geïnisieer	Geïmplementeer

Strategiese doelwit 2.2:	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2011/12	2012/13	2013/14		2015/16	2016/17	2017/18
2.2. Getal skole wat kwartaaliks vir bestuursondersteuning besoek is	Nuut	Nuut	Nuut	1 528	1 539	1 551	1 553

Strategiese doelwit 2.3:	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2011/12	2012/13	2013/14		2015/16	2016/17	2017/18
Getal skole wat deur die uitrol van e-leer bevoordeel word	Nuut	Nuut	Nuut	248	0	33	67

Strategiese doelwit 2.4:	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie '000	Mediumtermyn-teikens		
	2011/12 '000	2012/13 '000	2013/14 '000		2015/16 '000	2016/17 '000	2017/18 '000
2.4.1. Fondse bestee aan MOD-sentrums en Jeugontwikkeling en -ondersteuning	4 846	12 085	23 616	109 137	110 680	109 224	79 198
2.4.2. Verskaf maatskaplike en finansiële ondersteuning aan skole	334 053	387 877	441 316	644 202	676 736	712 640	750 061

Programprestasie-aanwyser		Geouditeerde/Werklike prestasie			2014/15	Mediumtermyn-teikens		
		2011/12	2012/13	2013/14		2015/16	2016/17	2017/18
2.1.	Persentasie van leerders in die skoolstelsel behou vanaf Graad 10 – 12	57%	61%	63%	64%	65%	66%	67%



## 2.2. Strategiese doelwitte en kwartaallike teikens

Geen

## 2.3. Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2015/16

<b>Programprestasiemaatstawwe vir Program 2</b>	<b>2012/13 Werklik</b>	<b>2013/14 Werklik</b>	<b>2014/15 Beraam</b>	<b>2015/16 Beraam</b>	<b>2016/17 Beraam</b>	<b>2017/18 Beraam</b>
PPM201: Getal volediensskole wat leerders met leerhindernisse bedien	140	8	40 <sup>8</sup>	48	56	64
PPM202: Getal laerskole met 'n algehele slaagsyfer in JNA van 50% en hoër	Nuut	Nuut	296	300	305	310
PPM203: Getal sekondêre skole met 'n algehele slaagsyfer in JNA van 40% en hoër	Nuut	Nuut	23	30	35	40
PPM204: Getal sekondêre skole met 'n Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS) slaagsyfer van 60% en hoër	Nuut	Nuut	400	410	415	420
PPM205: Die persentasie van kinders wat in die vorige jaar 9 geword het en wat tans in Graad 4 (of 'n hoër graad) ingeskryf is	Nuut	Nuut	68.7%	64%	65%	66%
PPM206: Die persentasie van kinders wat in die voorafgaande jaar 12 geword het en wat tans in Graad 7 (of 'n hoër graad) ingeskryf is	Nuut	Nuut	63.2%	64%	64%	64%
PPM207: Getal skole wat van mediahulpbronne voorsien word <sup>9</sup>	Nuut	Nuut	248	0	33	67
PPM208: Koers van leerderafwesigheid	5.61%	5.96%	7%	7%	7%	7%
PPM209: Koers van onderwyserafwesigheid	3%	3%	3%	3%	3%	3%
PPM210: Getal leerders in openbare gewone skole wat by die "geen-fooi skole"-beleid baat	370 617	554 523	538 600 <sup>10</sup>	562 940	571 384	579 954
PPM211: Getal opvoeders opgelei in geletterdheid-/taal-inhoud en -metodologie*	Nuut	Nuut	595	650	700	700
PPM212: Getal opvoeders opgelei in gesyferdheid-/wiskunde-inhoud en -metodologie*	Nuut	Nuut	625	600	600	600
*Let daarop dat dit na die formele opleiding by die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut verwys						

<sup>8</sup> Let wel dat die definisie en omvang van 'n volediensskool in 2014 verander het

<sup>9</sup> Dit verwys na skole wat van SLIM-klaskamers voorsien moet word

<sup>10</sup> Sluit leerders in 216 skole in Kwintiel 4 en 5 in wat gekies het om "geen-fooi" skole te word

#### 2.4. Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens vir 2015/16

Programprestasiemaatstawwe		Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2015/2016	Kwartaallikse teikens			
				1 <sup>ste</sup>	2 <sup>de</sup>	3 <sup>de</sup>	4 <sup>de</sup>
<b>PPM 208</b>	Koers van leerderafwesigheid	Kwartaalliks	7%	7%	7%	7%	7%
<b>PPM 209</b>	Koers van onderwyserafwesigheid	Kwartaalliks	4%	4%	4%	4%	4%

#### 2.5. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

<b>BT 201 Openbare gewone skole – Sleuteltendense</b>						
	<b>2012/13 Werklik</b>	<b>2013/14 Werklik</b>	<b>2014/15 Beraam</b>	<b>2015/16 Beraam</b>	<b>2016/17 Beraam</b>	<b>2017/18 Beraam</b>
<b>Betalings per subprogram (R'000)</b>						
2.1 Openbare laerskoolvlak	6,188,314	6,597,359	7,019,983	7,546,917	8,007,026	8,365,152
2.2 Openbare sekondêre vlak	3,914,964	4,400,697	4,670,330	4,898,502	5,262,059	5,584,250
2.3 Menslike hulpbronontwikkeling	82,930	82,944	77,350	81,486	99,338	103,856
2.4 Voorwaardelike toelaes	259,268	278,028	315,412	327,551	343,146	363,508
<b>Totaal</b>	<b>10,445,476</b>	<b>11,359,028</b>	<b>12,083,075</b>	<b>12,854,456</b>	<b>13,711,569</b>	<b>14,416,766</b>
<b>Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)</b>						
Lopende betalings	9,798,650	10,589,365	11,263,114	12,048,690	12,784,456	13,440,098
Vergoeding van werknemers	8,986,866	9,625,958	10,336,051	11,190,592	11,813,739	12,433,277
- Opvoeders	8,088,179	8,663,362	9,302,445	10,071,532	10,632,365	11,189,949
- Nie-opvoeders	898,687	962,596	1,033,606	1,119,060	1,181,374	1,243,328
Goedere en dienste en ander lopende betalings	811,784	963,407	927,063	858,098	970,717	1,006,821
Oordragte en subsidies	643,412	766,676	807,894	805,035	926,343	975,859
Betalings vir kapitale bates	3,414	2,987	12,067	731	770	809
<b>Totaal</b>	<b>10,445,476</b>	<b>11,359,028</b>	<b>12,083,075</b>	<b>12,854,456</b>	<b>13,711,569</b>	<b>14,416,766</b>

<b>BT 202</b>	<b>Openbare laerskoolvlak – Sleuteltendense</b>					
	<b>2012/13 Werklik</b>	<b>2013/14 Werklik</b>	<b>2014/15 Beraam</b>	<b>2015/16 Beraam</b>	<b>2016/17 Beraam</b>	<b>2017/18 Beraam</b>
<b>Betalings per ekonomiese klassifikasie(R'000)</b>						
Lopende betalings	5,804,783	6,177,072	6,496,807	7,039,046	7,415,520	7,741,183
Vergoeding van werknemers	5,499,978	5,903,023	6,170,963	6,735,261	7,075,481	7,383,790
- Opvoeders	5,004,979	5,312,720	5,553,866	6,061,735	6,397,933	6,645,411
- Nie-opvoeders	494,999	590,303	617,097	673,526	707,548	738,379
Goedere en dienste en ander lopende betalings	304,805	274,049	325,844	303,785	340,039	357,393
Oordragte en subsidies	383,531	420,287	523,176	507,871	591,506	623,969
Betalings vir kapitale bates						
<b>Totaal</b>	<b>6,188,314</b>	<b>6,597,359</b>	<b>7,019,983</b>	<b>7,546,917</b>	<b>8,007,026</b>	<b>8,365,152</b>

<b>BT 203</b>	<b>Openbare sekondêre vlak – Sleuteltendense</b>					
	<b>2012/13 Werklik</b>	<b>2013/14 Werklik</b>	<b>2014/15 Beraam</b>	<b>2015/16 Beraam</b>	<b>2016/17 Beraam</b>	<b>2017/18 Beraam</b>
<b>Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)</b>						
Lopende betalings	3,686,495	4,097,015	4,432,185	4,648,484	4,975,386	5,283,043
Vergoeding van werknemers	3,472,168	3,708,425	4,148,478	4,437,774	4,719,475	5,029,428
- Opvoeders	3,124,951	3,337,582	3,733,630	3,993,996	4,247,527	4,526,485
- Nie-opvoeders	347,217	370,843	414,848	443,778	471,948	502,943
Goedere en dienste en ander lopende betalings	214,327	388,590	283,707	210,710	255,911	253,615
Oordragte en subsidies	227,819	303,421	238,145	250,018	286,673	301,207
Betalings vir kapitale bates	650	261				
<b>Totaal</b>	<b>3,914,964</b>	<b>4,400,697</b>	<b>4,670,330</b>	<b>4,898,502</b>	<b>5,262,059</b>	<b>5,584,250</b>

<b>BT 204 Openbare gewone skool – personeelvoorsiening vind via die skoolbefondsings-norme plaas (2015/16)</b>				
<b>Programme/regstatus/armoede-kwintiel</b>	<b>Skole</b>	<b>Totale uitgawes (R'000)</b>	<b>Leerders</b>	<b>Uitgawe per leerder R</b>
<b>2.1 Openbare laerskoolvlak</b>				
Nie-Artikel 21-skole	<b>216</b>	<b>141 612</b>	<b>142 097</b>	<b>997</b>
Kwintiel 1 (mees behoeftige)	39	19 465	17 394	1 119
Kwintiel 2	40	37 688	33 771	1 116
Kwintiel 3	42	35 445	31 761	1 116
Kwintiel 4	60	37 019	37 175	996
Kwintiel 5 (minste behoeftige)	35	11 995	21 996	545
Artikel 21-skole	<b>861</b>	<b>386 330</b>	<b>471 334</b>	<b>820</b>
Kwintiel 1 (mees behoeftige)	243	53 763	48 111	1 117
Kwintiel 2	95	66 183	59 302	1 116
Kwintiel 3	87	70 733	63 381	1 116
Kwintiel 4	180	130 772	134 432	973
Kwintiel 5 (minste behoeftige)	256	64 878	166 108	391
<b>Totaal</b>	<b>1 077</b>	<b>527 942</b>	<b>613 431</b>	<b>861</b>
<b>2.2 Openbare sekondêre vlak</b>				
Nie-Artikel 21-skole	<b>86</b>	<b>69 832</b>	<b>79 681</b>	<b>876</b>
Kwintiel 1 (mees behoeftige)	8	8 214	7 360	1116
Kwintiel 2	15	17 646	15 812	1116
Kwintiel 3	23	25 387	22 748	1116
Kwintiel 4	22	13 007	17 506	743
Kwintiel 5 (minste behoeftige)	18	5 578	16 255	343
Artikel 21-skole	<b>289</b>	<b>162 889</b>	<b>260 362</b>	<b>626</b>
Kwintiel 1 (mees behoeftige)	15	18 141	16 255	1116
Kwintiel 2	15	18 575	16 644	1116
Kwintiel 3	45	48 593	43 542	1116
Kwintiel 4	67	41 459	63 728	651
Kwintiel 5 (minste behoeftige)	147	36 122	120 193	301
<b>Totaal</b>	<b>375</b>	<b>232 721</b>	<b>340 043</b>	<b>684</b>
<b>Totaal vir nie-artikel-21-skole</b>	<b>302</b>	<b>211 444</b>	<b>221 778</b>	<b>953</b>
<b>Totaal vir artikel-21-skole</b>	<b>1 150</b>	<b>549 219</b>	<b>731 696</b>	<b>751</b>
<b>Totaal vir Kwintiel 1</b>	305	99 582	89 120	1117
<b>Totaal vir Kwintiel 2</b>	165	140 092	125 529	1116
<b>Totaal vir Kwintiel 3</b>	197	180 158	161 432	1116
<b>Totaal vir Kwintiel 4</b>	329	222 257	252 841	879
<b>Totaal vir Kwintiel 5</b>	456	118 574	324 552	365
<b>Grooftotaal</b>	<b>1 452</b>	<b>760 663</b>	<b>953 474</b>	<b>798</b>
Program 2 (nie-personeel nie-kapitaalbegroting)		1,663,733		
Vlak van "bo-besnoeiing"		45.7%		

## 2.6. Prestasie- en uitgawetendense:

### Subprogram 2.1 en 2.2: Openbare laerskool- en sekondêre vlak

Die toename in besteding is hoofsaaklik te wyte aan die voorsiening vir die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring, voorsiening vir die implementering van die "geen-fooi"-skole, verbetering van diensvoorwaardes en inflasie.

### Subprogram 2.4: Voorwaardelike toelaes

Die toename in uitgawes is weens die toename in die Voorwaardelike Toelae-befondsing.

### 3. Program 3: Subsidies vir onafhanklike skole

**Doel:** Om onafhanklike skole ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet te ondersteun.

#### **Ontleding per program:**

Daar bestaan twee kategorieë van onafhanklike skole: dié wat behoeftige leerders bedien en 'n subsidie van die WKOD ontvang, en dié wat nie, maar wat by die WKOD geregistreer moet wees.

*Sleutfokusareas vir 2015:*

- Die regulasies met betrekking tot die Registrasie van en Subsidies aan Onafhanklike Skole (Uitgesluit Onafhanklike Preprimêre Skole) is in die Buitengewone Provinsiale Koerant No. 6932 van 2011, gedateer Desember 2011, gepubliseer. Hierdie regulasies bevat die vereistes en gronde vir registrasie, prosedure vir registrasie, registrasiesertifikate en toestemming vir leerders om vir eksamens te registreer en eksamens af te lê, monitering van en toegang tot onafhanklike skole, subsidies aan onafhanklike skole, onttrekking van registrasie en die sluiting van onafhanklike skole en appèlle aan die Provinsiale Minister. Die implementering hiervan sal steeds in 2015 gemonitor word.
- Skole wat nie geregistreer is nie, moet in kennis gestel word van die noodsaaklikheid om aan spesifieke kwessies aandag te skenk. Nuwe skole moet teen nie later nie as 30 Junie van die jaar voor inbedryfstelling registreer.
- Publiseer besonderhede oor geregistreerde skole op die WKOD se webwerf en in die provinsie se gedrukte media.
- Versterk voorspraak om te verseker dat ouers en SBL'e voldoende ingelig is oor die registrasie van onafhanklike skole.
- Verseker dat alle onafhanklike skole die SNAP (inskrywing op die tiende skooldag) en die Jaarlikse Skoolopname tydig voltooi.
- Die WKOD sal in Februarie/Maart 2016 alle gesubsidieerde onafhanklike skole besoek om die nakoming van opnames, finansiële nakoming, Umalusi-akkreditasie en SACE-registrasie te verifieer.
- Moniteer onafhanklike skole, veral diegene wat subsidies ontvang, ten einde gehalteverbetering te bevorder.
- Tydige oordrag van subsidies na kwalifiserende skole
- Verseker dat die skole wat subsidies ontvang, die Jaarlikse Nasionale Asseserings voltooi.
- Versoek en ondersteun deelname deur gesubsidieerde en nie-gesubsidieerde onafhanklike skole aan die WKOD Graad 3, 6 en 9 toetsprogram.
- Nooi onderwysers by onafhanklike skole om WKOD opleidingskursusse by te woon.
- Koördineer en lewer verslag oor WKOD ondersteuning aan onafhanklike skole.
- Deelname aan nasionale forums wat met onafhanklike skole te make het, ten einde by te dra tot die verfyning van beleid en implementering in die sektor.

#### **Subprogramme**

*Subprogram 3.1: Laerskoolvlak*

om onafhanklike skole in die Graad 1- tot 7-vlak te ondersteun

*Subprogram 3.2: Sekondêre vlak*

om onafhanklike skole in die Graad 8- tot 12-vlak te ondersteun

### 3.1. Strategiese doelwit en jaarlikse teikens vir 2015/16

Program 3: Strategiese doelwit	
<b>Strategiese doelwit 3</b>	<b>Om ingevolge tersaaklike wetgewing ondersteuning aan onafhanklike skole te bied om gehalte-onderwys vir leerders in hierdie skole te verseker</b>
<b>Doelwit-verklaring</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Verseker deur gereelde ondersteuning en monitering van onafhanklike skole dat alle leerders 'n opvoeding in lyn met die Nasionale Kurrikulum-verklaring ontvang.</li> <li>2. Verseker dat alle onafhanklike skole geregistreer is en dat hulle aan die minimum vereistes van die tersaaklike wetgewing voldoen.</li> <li>3. Voorsien subsidies aan skole wat behoeftige leerders bedien.</li> </ol>

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwit 3.1	Risiko's	Versagting
Om ingevolge tersaaklike wetgewing ondersteuning aan onafhanklike skole te bied om gehalte-onderwys vir leerders in hierdie skole te verseker	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skole versuim om aan die vereiste gehalte-voorskrifte te voldoen</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verseker dat gepaste moniteringsmaatreëls ingestel is</li> </ul>

Strategiese doelwit 3	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2011/12	2012/13	2013/14		2015/16	2016/17	2017/18
Persentasie van geregistreerde onafhanklike skole wat subsidies ontvang	Nuut	Nuut	Nuut	42%	44%	45%	46%

### 3.2. Strategiese doelwit- jaarlikse teikens vir 2015/16

Geen

### 3.3. Programprestasiemaatstaf - jaarlikse teikens vir 2015/16

Programprestasiemaatstawwe vir Program 3	2012/13 Werklik	2013/14 Werklik	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam	2017/18 Beraam
PPM301: Getal gesubsidieerde leerders in geregistreerde onafhanklike skole	17 782	18 502	17 521	18 310	19 100	20 000
PPM302: Persentasie van geregistreerde onafhanklike skole wat subsidies ontvang	Nuut	Nuut	42%	44%	45%	46%
PPM303: Persentasie van geregistreerde onafhanklike skole vir monitering en ondersteuning besoek	Nuut	Nuut	90%	90%	90%	90%

### 3.4. Programprestasiemaatstaf- kwartaallikse teikens vir 2015/16

Programprestasiemaatstawwe		Verslag- tydperk	Jaarlikse teiken 2015/2016	Kwartaallikse teikens			
				1 <sup>ste</sup>	2 <sup>de</sup>	3 <sup>de</sup>	4 <sup>de</sup>
<b>PPM303</b>	Persentasie van geregistreerde onafhanklike skole vir monitering en ondersteuning besoek <sup>11</sup>	2015/16	90%	16%	16%	16%	26%

### 3.5. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

<b>BT301</b>	<b>Onafhanklike skool-subsidies - sleuteltendense</b>					
	2012/13 Werklik	2013/14 Werklik	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam	2017/18 Beraam
<b>Betalings per subprogram (R'000)*</b>						
3.1 Laerskoolvlak	33,618	47,329	49,853	52,564	55,264	58,027
3.2 Sekondêre vlak	39,079	37,319	40,473	42,820	44,280	46,494
<b>Totaal</b>	<b>72,697</b>	<b>84,648</b>	<b>90,326</b>	<b>95,384</b>	<b>99,544</b>	<b>104,521</b>

<sup>11</sup> Let daarop dat 40 skole per kwartaal deur die Direkoraat Institusionele Bestuurs- en Beheerbepanning besoek sal word. 'n Bykomende 100 skole sal in die 4de kwartaal deur die Direkoraat Gehalteversekering besoek word. Daar is altesaam 242 geregistreerde onafhanklike skole.

<b>BT301</b>	<b>Onafhanklike skool-subsidies - sleuteltendense</b>					
	<b>2012/13 Werklik</b>	<b>2013/14 Werklik</b>	<b>2014/15 Beraam</b>	<b>2015/16 Beraam</b>	<b>2016/17 Beraam</b>	<b>2017/18 Beraam</b>
<b>Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)*</b>						
Lopende betalings						
Vergoeding van werknemers						
Goedere en dienste en ander lopende betalings						
Oordragte en subsidies						
Betalings vir kapitale bates		0	0	0	0	0
<b>Totaal</b>	<b>72,697</b>	<b>84,648</b>	<b>90,326</b>	<b>95,384</b>	<b>99,544</b>	<b>104,521</b>

<b>BT 302</b>	<b>Onafhanklike skool-subsidies – Indeling volgens die skoolbefondsingsnorme (2014)</b>			
<b>Subsidievlak</b>	<b>Primêre/sekondêre Kategorieë</b>	<b>Totale uitgawes (R'000)</b>	<b>Leerders</b>	<b>Uitgawes per leerder (R)</b>
60 (mees behoefdig)	Laerskool - 23	31,840	4,862	6,549
	Sekondêr - 21	26,513	3,352	7,910
40	Laerskool - 15	7,728	1,770	4,366
	Sekondêr - 14	6,945	1,317	5,273
25	Laerskool - 20	7,018	2,572	2,729
	Sekondêr - 14	5,085	1,543	3,296
15	Laerskool - 27	3,340	2,040	1,637
	Sekondêr - 7	1,857	939	1,977
0 (minste behoefdig)	Laerskool -3	NUL	805	NUL
	Sekondêr -1	NUL	59	NUL
<b>Totaal</b>		<b>90,326</b>	<b>19,259</b>	

### 3.6. Prestasie- en uitgawetendense

#### Subprogram 3.1 en 3.2: Laerskool- en Sekondêre Vlak

Die toename in besteding is hoofsaaklik te wyte aan inflasie.



#### 4. Program 4: Openbare spesiale skoolonderwys

**Doel:** Om verpligte openbare gewone onderwys te bied in spesiale skole, in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet en die Witskrif 6 oor Inklusiewe Onderwys. Insluitend e-leer en inklusiewe onderwys.

##### **Ontleding per program:**

*Sleutelfokusareas vir 2015:*

- *Menslike Hulpbronontwikkeling, met die klem op die volgende:*
  - Spesiale Skool-personeel in die verskeie kategorieë van gestremdheid met 'n fokus op Skole vir Dowes, Blindes en Outismespektrum-versteuring
  - Skole van Vaardighede-personeel met betrekking tot kurrikulumaangeleenthede
  - Personeel by voldiens-/inklusiewe skole in die identifisering en behandeling van hindernisse tot leer
  - Personeel en skoolbeheerliggame by Spesiale Skool-hulpbronsentrums in hulle uitgebreide rol
  - Distriksgebaseerde gespesialiseerde ondersteuningspersoneel, insluitend sielkundiges, maatskaplike werkers, adviseurs oor leerondersteuning, mediese personeel en terapeute in hul in ondersteuning oor die Inklusiewe Onderwys-kontinuum
  - Skoolgebaseerde onderwysers in Leerondersteuning in hul deskundige rol in die verbetering van tale en wiskunde
  - Skoolgebaseerde ondersteuningspanne in hul rol in die proses van sifting, identifisering, assessering en ondersteuning (SIAS)
- *Ontwikkeling van gewone skole in voldiens-/inklusiewe skole*
  - 48 voldiens-/inklusiewe skole sal ondersteun word om hulle kapasiteit te ontwikkel om voorsiening te maak vir die volle reeks spesiale behoeftes met 'n sterk fokus op matige en lae vlakke van ondersteuning. Dit sal menslike, fisiese en materiële hulpbronontwikkeling insluit
  - 108 skole met "eenheidsklasse" sal ondersteun word om dit in hulpbronklasse te ontwikkel wat nie slegs 'n matige vlak van ondersteuning aan geïdentifiseerde leerders sal bied nie, maar ook 'n breër ondersteuningsfunksie vir die skole sal verrig sodat baie meer leerders en onderwysers daarby kan baat.
  - 'n Spesiale klem in hierdie skole sal op die ontwikkeling van geïndividualiseerde benaderings tot onderrig, leer en assessering wees
  - Voldiens-/inklusiewe skole sal in inklusiewe middelpunte in die distrikte omskep word
- *Omskepping van spesiale skole in spesiale skool-hulpbronsentrums asook die versterking van spesiale skole*
  - 25 spesiale skool-hulpbronsentrums sal baat by menslike, fisiese en materiële hulpbronontwikkeling en hulle in staat stel om hulle bystand aan skole uit te brei
  - Oudit van spesiale skole om die behoefte aan menslike, fisiese en materiële hulpbronne te assesser en agterstande in te haal, waar moontlik
  - Gehalteversekering van spesiale skole om sterk punte te identifiseer en aandag aan swak punte te skenk
  - Sektorgebaseerde ondersteuning om aan soortgelyke skole koördinasie, gestandaardiseerde dokumentasie en die deel van goeie praktyk te voorsien
  - Namate ondersteuning aan die hoofstroom toeneem, sal slegs leerders met hoë-vlak behoeftes aan ondersteuning in spesiale skole en spesiale skool-hulpbronsentrums vir ondersteuningsprogramme geplaas word. Plasing sal jaarliks hersien word om te verseker dat die leerders slegs by die skool bly as hulle 'n hoë vlak van ondersteuning benodig

- *Versterk die vermoë van die stelsel om hindernisse tot leer te behandel en meer inklusief te word*
  - Die fokus van Gespesialiseerde Ondersteuningsdienste sal na vroeë identifisering en voorkomende ingrypings verskuif
  - Die proses van sifting, identifisering, assessering en ondersteuning (SIAS) sal die vlak en tipe ondersteuning of ingryping identifiseer wat deur die leerder, onderwyser of skool benodig word
  - Sielkundiges, maatskaplike werkers, adviseurs oor leerondersteuning en terapeute sal gespesialiseerde ondersteuning bied, soos deur die SIAS aangedui
  - Sielkundiges, maatskaplike werkers, leerondersteuning-adviseurs en terapeute sal die vaardighede van opvoeders ontwikkel om klaskamergebaseerde ingrypings te implementeer
  - Die verbetering van prestasie in taal en wiskunde sal 'n sleutelfokus van ingrypings wees
  - Skenk aandag aan sistemiese uitdagings wat self hindernisse tot leer is
  - Skenk aandag aan leer, onderrig en assessering om leerderdiversiteit te akkommodeer
  - Bestuurders en onderwysers moet voorsien word van kennis en vaardighede t.o.v. verskillende leer- en onderrigbenaderings om die voorkoms van uitsluiting en verwysings te verminder
  - Maandelikse en vakansiewerkswinkels sal in 2015 by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut aangebied word.
  - Versprei inligting deur die webwerf, pamflette en DVD's.
- *Betrek belanghebbendes en koester intersektorale vennootskappe om ondersteuning en insluiting te bevorder*
  - Bied ondersteuning aan kinders wat nie op skool is nie, bv. kinders met ernstige en diepgaande intellektuele gestremdheid in spesiale sorgsentrums
  - Bevorder inklusiewe skole as sentrums van sorg en ondersteuning vir onderrig en leer (CSTL) en gebruik die CSTL-raamwerk om die ondersteuning van ander sektore te koördineer, bv. die geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram wat in oorleg met die Departement van Gesondheid gelewer word
  - Benut die ondersteuning van ouers en die burgerlike samelewing om leerders wat hindernisse tot leer ervaar of anders gestremd is in te sluit en te ondersteun, en sodoende te help bou aan die gewenste inklusiewe Suid-Afrikaanse samelewing.

### **Subprogramme**

#### *Subprogram 4.1: Skole*

om spesifieke openbare spesiale skole van hulpbronne te voorsien. Insluitend e-leer en inklusiewe onderwys.

#### *Subprogram 4.2: Menslike Hulpbronontwikkeling*

om departementele dienste te voorsien vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare spesiale skole (insluitend inklusiewe onderwys).

#### *Subprogram 4.3: Voorwaardelike toelaes*

om voorsiening te maak vir projekte onder program 4 wat deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer word en deur voorwaardelike toelaes befonds word (insluitend inklusiewe onderwys)

Let wel dat die subprogram nie voorsiening vir "Skoolsport, Kultuur en Mediadienste" maak nie, aangesien die funksie by die Departement van Kultuursake en Sport berus.

#### 4.1 Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2015/16

Program 4: Strategiese doelwit	
<b>Strategiese doelwit</b>	<b>Om suksesvolle akademiese en sosiale deelname van alle leerders in die kultuur en kurrikulum van onderwysinstellings te maksimaliseer, en om hindernisse vir leer te minimaliseer (Onderwyswitskrif 6)</b>
<b>Doelwit-verklaring</b>	1. Om te verseker dat leerders toegang tot die kurrikulum kry en hulle prestasie in taal en wiskunde optimaliseer; 2. Om te verseker dat leerders toegang tot die kurrikulum kry en hulle prestasie in taal en wiskunde optimaliseer;
<b>Strategiese doelwit</b>	<b>Om suksesvolle akademiese en sosiale deelname van alle leerders in die kultuur en kurrikulum van onderwysinstellings te maksimaliseer, en om hindernisse vir leer te minimaliseer (Onderwyswitskrif 6)</b>
<b>Doelwit-verklaring</b>	3. Om te verseker dat leerders wat hindernisse tot leer ervaar of spesiale onderwysbehoefte het, 'n gedifferensieerde kurrikulum ontvang en op die hoogste vlak moontlik presteer; 4. Om 'n kontinuum van insluiting gegrond op die Sifting, Identifisering, Assessering en Ondersteuning (SIAS)-instrument te ontwikkel sodat leerders 'n toepaslike vlak en tipe ondersteuning in alle gewone, voldiens- en spesiale skole ontvang; 5. Om leerderretensie te versterk deur leerders te ondersteun met gespesialiseerde ondersteuningsdienste met behulp van bestaande spanne en strukture, onder andere, skool-/instelling-gebaseerde ondersteuningspanne; kringgebaseerde ondersteuningspanne; distriksgebaseerde ondersteuningstrukture; spesiale skole, spesiale skool-hulpbronsentrums; voldiens-/inklusiewe skole. 6. Om gespesialiseerde steundienste te verskaf – gespesialiseerde onderwysondersteuning, leerondersteuning, sielkundige dienste, skool-maatskaplike dienste, mediese en terapeutiese dienste. 7. Om in te skakel by ander staatsdepartemente en sektore vir die voorkoming en vroeë identifisering van hindernisse tot leer en die ondersteuning van leerders wat hindernisse tot leer ervaar of wat spesiale opvoedkundige behoeftes het.

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwit 4.1	Risiko's	Versagting
Om suksesvolle akademiese en sosiale deelname van alle leerders in die kultuur en kurrikulum van onderwysinstellings te maksimaliseer, en om hindernisse vir leer te minimaliseer (Onderwyswitskrif 6)	<p>Prosesse en prosedures veroorsaak vertraging in die ondersteuning en/of plasing van leerders met hindernisse tot leer</p> <p>Leerders bly op 'n hoër vlak van ondersteuning as wat hulle nodig het</p> <p>Onderwysers bied nie voldoende ondersteuning nie en verwys leerders wat verskillend leer</p> <p>Spesiale skole het nie genoeg hulpbronne nie</p> <p>Uitermatige eise word aan spesiale skole gestel, gegewe die enorme behoefte aan ondersteuning in gewone skole</p>	<p>Verseker dat daar geen administratiewe vertraging in die proses van assessering en verwysing is van leerders wat addisionele ondersteuning benodig nie</p> <p>Verseker dat leerders vir die gepaste vlak van ondersteuning verwys word en dat die nodige ondersteuning gereeld hersien word</p> <p>Onderwysers word opgelei om hulle onderrig en assessering te differensieer</p> <p>Toenemende transformasie van spesiale skole na spesiale skool-hulpbronsentrums deur bykomende opleiding aan personeel asook hulpbronne te voorsien</p> <p>Beplan 'n billike verspreiding van ondersteuning in die skool asook vir uitreikprogramme</p>

Strategiese doelwit 4	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2011/12	2012/13	2013/14		2015/16	2016/17	2017/18
Getal voltdiensskole wat leerders met leerhindernisse bedien	11	140	8	40 <sup>12</sup>	48	56	64

#### 4.2 Strategiese doelwit- jaarlikse teikens vir 2015/16

Geen

---

<sup>12</sup> Let wel dat die definisie en omvang van 'n voltdiensskool in 2014 verander het  
Jaarlikse Prestasieplan 2015/16 – 2017/18

#### 4.3 Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens vir 2015/16

Programprestasiemaatstawwe vir Program 4	2012/13 Werklik	2013/14 Werklik	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam	2017/18 Beraam
PPM401: Persentasie van leerders met spesiale behoeftes in spesiale skole tot die ouderdom van 16 in die skool behou	Nuut	Nuut	71.32%	72.5%	72.5%	72.5%
PPM402: Persentasie van spesiale skole wat as Hulpbronsentrums dien	Nuut	Nuut	33%	40%	45%	50%

#### 4.4 Programprestasiemaatstawwe- kwartaalike teikens 2015/16

Geen

#### 4.5 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

BT 401	Openbare spesiale skoolonderwys – sleuteltendense					
	2012/13 Werklik	2013/14 Werklik	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam	2017/18 Beraam
<b>Betalings per subprogram (R'000)</b>						
4.1 Skole	820,101	910,287	995,135	1,043,232	1,115,142	1,182,554
4.2 Menslike hulpbronontwikkeling		51	1	1	1	1
4.3 Voorwaardelike toelaes			50,395	15,852		
<b>Totaal</b>	<b>820,101</b>	<b>910,338</b>	<b>1,045,531</b>	<b>1,059,085</b>	<b>1,115,143</b>	<b>1,182,555</b>
<b>Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)</b>						
Lopende betalings	677,441	775,034	897,517	915,480	964,700	1,024,139
Vergoeding van werknemers	668,879	761,299	871,414	887,631	935,073	992,943
- Opvoeders	528,414	601,426	688,417	701,228	738,707	784,424
- Nie-opvoeders	140,465	159,873	182,997	186,403	196,366	208,519
Goedere en dienste en ander lopende betalings	8,562	13,735	26,103	27,849	29,627	31,196
Oordragte en subsidies	131,428	131,975	134,330	140,577	147,248	155,052
Betalings vir kapitale bates	11,232	3,329	13,684	3,028	3,195	3,364
<b>Totaal</b>	<b>820,101</b>	<b>910,338</b>	<b>1,045,531</b>	<b>1,059,085</b>	<b>1,115,143</b>	<b>1,182,555</b>

#### **4.6 Prestasie- en uitgawetendense:**

##### **Subprogram 4.1: Skole**

Die toename in uitgawes is grotendeels as gevolg van die lewenskoste-aanpassings, beroep-spesifieke bedeling, groei in leerdergetalle, inflasie asook die uitbreiding van inklusiewe onderwys

##### **Subprogram 4.3: Voorwaardelike toelaes**

Fondse word toegeken om spesifiek met die implementering van die beroepspesifieke bedeling vir terapeute in die onderwyssektor behulpsaam te wees.

## 5. Program 5: Vroeëkindontwikkeling

**Doel:** Om ingevolge Witskrif 5 Vroeëkindontwikkeling (VKO) op die Graad R- en voor-Graad R-vlak aan te bied. E-leer is ook ingesluit.

### Ontleding per program:

Die WKOD sal in 2015 fokus op die toenemende voorsiening van gehalte-Graad R by openbare gewone skole en onafhanklike terreine en om te verseker dat diegene wat Graad 1 begin, goed voorberei is vir skool.

### Sleutelfokusareas vir 2015:

- 82 nuwe klaskamers sal in 2015/16 gebou word in gebiede waar die behoefte die grootste is, gegrond op armoede-indekse, demografiese druk, beskikbaarheid van grond en goeie finansiële bestuur. Inskrywing in hierdie sektor, ter ondersteuning van die geteikende universele inskrywing vir Graad R, sal dus toeneem weens die beskikbaarheid van nuwe klaskamers. Alle skole met nuwe klaskamers ontvang befondsing vir meubels en 'n basiese VKO-hulpbronpakket.
- In Julie 2015 en Februarie 2016 sal nog twee groepe studente aan TBOO-kolleges begin studeer om te kwalifiseer as praktisyns in Vroeëkindontwikkeling ten einde emosionele, kognitiewe, gesondheid- en liggaamlike sorg aan leerders tussen 1 en 4 jaar oud te voorsien en 'n stimulerende leeromgewing vir hulle te bied.
- Daarbenewens sal 394 studente in 2015 opgelei word as VKO-praktisyn-assistente, befonds deur 'n Voorwaardelike Aansporingstoelae. Hulle sal opgelei word in die nodige vaardighede en ondervinding op VKO Vlak 1 ten einde VKO-praktisyns te help om 'n stimulerende omgewing vir 0- tot 4-jariges te skep. Die 12-maande vlak 1-kursus vorm ook die basis van die loopbaanpad vir Graad R-praktisyns
- Die fokus sal in 2015 op die bevordering van KABV-implementering vir Graad R wees. Graad R-onderwysers sal opgelei word en distrikspersoneel sal praktyk in die klaskamer monitor. WKOD-amptenare sal deur monitering en evaluering op die gehalte van onderwys fokus, wat die monitering van die doeltreffende benutting van subsidies insluit.
- Gebruik die uitslae van die assessering vir skoolgereedheid van Graad R-leerders in geselekteerde skole om die fokus van onderwyseropleiding in 2015 en in 2016 in te lig.
- 1 200 Graad R-leerders in landelike gebiede sal d.m.v. die Leerdervervoerskema vervoer word.
- Alle SBL'e en skoolbestuurspanne sal ondersteuning met finansiële bestuur ontvang.
- Voorlopige werk sal uitgevoer word op die bekendstelling van die model van Graad R-onderwysers in plaas van Graad R-praktisyns

### Subprogramme

#### *Subprogram 5.1: Graad R in openbare skole*

om aan spesifieke openbare gewone skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R vereis word

#### *Subprogram 5.2: Graad R in vroeëkindontwikkelingsentrums*

om Graad R by vroeëkindontwikkelingsentrums te ondersteun

#### *Subprogram 5.3: Voor-Graad R-opleiding*

om opleiding en die betaling van stipendiums aan Voor-Graad R-praktisyns/-opvoeders te bied

#### *Subprogram 5.4: Menslike Hulpbronontwikkeling*

om departementele dienste te verskaf vir die ontwikkeling van praktisyns/opvoeders en nie-opvoeders in Graad R by openbare skole en VKO-sentrums

#### *Subprogram 5.5: Voorwaardelike toelaes*

om voorsiening te maak vir projekte onder program 4 wat deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer word en deur voorwaardelike toelaes befonds word.

## 5.1 Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2015/16

Program 5: Strategiese doelwit	
<b>Strategiese doelwit 5.1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om aan spesifieke openbare gewone skole en geïdentifiseerde onafhanklike skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is, en om toestande daar te stel wat meer skole sal aanspoor om Graad R-klasse in bestaande beskikbare klaskamers of nuwe Graad R-klaskamers te vestig.</li> <li>• Verbeterde onderwyseropleiding</li> </ul>
<b>Doelwit-verklaring</b>	<p>Verbeterde gehalte van dienslewering in Graad R-klasse deur:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Betaling van Graad R-leerderssubsidies en die doeltreffende monitering daarvan.</li> <li>2. Opleiding vir Graad R-praktisyns en -onderwysers</li> <li>3. Deurlopende ondersteuning van en opleiding vir skoolhoofde</li> <li>4. Voorsiening van LOOM en klaskamers</li> <li>5. Vroeë identifisering van hindernisse tot leer en implementering van 'n ondersteuningsprogram hierdie ontwikkelingsagterstande aan te spreek</li> <li>6. Bepaling van Graad R-onderwysposte van 2015/16 tot 2019/20</li> <li>7. Die verskaffing van beurse vir die opgradering van Graad R-praktisyns se kwalifikasies na die B. Ed Grondslagfase deelyds of die Diploma in Graad R-praktyke</li> </ol>

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwit 5.1	Risiko's	Versagting
